

# **OUBETROKKEHEID IN HULLE KINDERS SE OPVOEDING**

**MARIA JONAS**

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes van die graad Magister in die Opvoedkunde (Fakulteit Opvoedkunde) aan die Universiteit van Stellenbosch



Studieleier: Prof. Jan Heystek

**Maart 2013**

## VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

2013.01.07

Handtekening

Datum

## OPSOMMING

Ouers se betrokkenheid by hulle kinders se opvoeding binne 'n vennootskap tussen die huis en die skool het in Suid-Afrikaanse onderwys sedert 1996 toenemend belangrik geword. Ouers is hulle kinders se primêre opvoeders en lê dus die basis vir hul kinders se formele opvoeding. Dit is dus belangrik dat die huis en die skool moet saamwerk as vennote aan die opvoedkundige ontwikkeling van die kind.

Die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, bevestig die belangrikheid van 'n vennootskap tussen die huis en die skool, sowel as die noodsaaklikheid dat ouers 'n bydrae moet lewer tot hulle kinders se opvoeding.

Ten spyte van die waarde wat ouerbetrokkenheid bied, blyk dit asof daar tans steeds min of geen sprake van ouerbetrokkenheid by sommige ouers is nie, veral diegene wie se kinders voorheen-benadeelde primêre plattelandse staatskole bywoon.

Hierdie studie het die navorsing van die mate van ouerbetrokkenheid van veral ongeskoolde, semi-geskoolde en arm, werklose ouers in die opvoeding van hul kinders ten doel.

**SLEUTELWOORDE:** ouerskap, ouer, betrokkenheid/deelname, vennootskap

## ABSTRACT

Parental involvement in learners' education in the form of a partnership between the home and the school has become very important in South-African education since 1996. Parents are the primary educators of their children and thus lay the foundation for their formal education. It is therefore important that the home and school work together as partners in the learners' educational development.

The South-African Schools' Act 84 of 1996 confirms the importance of the partnership between the home and the school as well as the necessity of parents to make a contribution to their children's' education.

Despite the value of parental involvement, there still seems to be no or a limited degree of involvement of some parents whose children attend former disadvantaged, primary schools in rural areas.

This study aims to research the levels of parental involvement of especially illiterate, semi-literate, poor and unemployed parents in the education of their children.

**KEYWORDS:** parentalship, parent, involvement/participation, partner

## DANKBETUIGINGS

Hiermee wil ek graag my opregte dank en waardering teenoor elkeen van die volgende persone betuig:

- Aan my studieleier, prof. J. Heystek, vir sy volgehoue, positiewe ondersteuning en onbaatsugtige leiding. Dit was 'n voorreg om onder so 'n talentvolle onderwyskundige te kon werk.
- Aan dr. H. Menkveld en dr. N. Wevers vir ondersteuning met taalversorging.
- Aan my twee kinders, Madison en Alex, vir hulle volgehoue ondersteuning, geloof, gebede en aanmoediging.
- Aan me. Sarie Wilbers van die nagraadse ondersteuningspersoneel van J.S.Gericke Biblioteek, US.
- Aan al die skole en spesifiek die ouers wat ingewillig het om deel te neem aan hierdie studie; sonder hulle deelname sou die studie nie kon plaasvind nie.
- Aan my ouers (albei oorlede) vir die rol wat hulle in my opvoeding gespeel het.
- Aan die skoolgemeenskap waar ek tans betrokke is as opvoeder; hulle was die motivering vir hierdie studie.
- Aan my MEd-studentemaats; spesifiek Pearl en Coby.
- Aan God alle dank vir die krag, deurstellingsvermoë en genade wat Hy aan my geskenk het om hierdie studie te kon voltooi.

Opgedra aan my twee kinders en my oorlede ouers.

## LYS VAN AFKORTINGS EN AKRONIEME

|      |   |
|------|---|
| ANA  | Jaarlikse Nasionale Asssessering        |
| ANC  | African National Congress               |
| DOE  | Departement of Education                |
| DVO  | Departement van Onderwys                |
| HNKV | Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring |
| LEA  | Local Educational Agencies              |
| PROF | Professor                               |
| SASA | South-African Schools Act               |
| UGO  | Uitkomsgebaseerde Onderwys              |
| US   | United States of America                |
| US   | Universiteit Stellenbosch               |
| VSA  | Verenigde State van Amerika             |
| WKOD | Wes-Kaapse Onderwysdepartement          |

## LYS FIGURE

|  | <b>Bladsy</b> |
|--|---------------|
| FIGUUR 2.1 BRONFENBRENNER (1979) SE EKOLOGIESE MODEL | 23            |
| FIGUUR 3.1 'n INTERAKTIEWE NAVORSINGSRAAMWERK        | 30            |

## LYS TABELLE

|  | <b>Bladsy</b> |
|--|---------------|
| TABEL 3.1 SAMESTELLING VAN DIE NAVORSINGSGROEP | 37            |



**INHOUDSOPGAWE**

|  | <b>BLADSY</b> |
|--|---------------|
| <b>HOOFSTUK 1</b>                              | <b>1</b>      |
| <b>PERSPEKTIEFSTELLING EN DOELFORMULERING</b>  |               |
| 1.1 INLEIDING                                  | 1             |
| 1.2 PROBLEEMSTELLING                           | 2             |
| 1.3 PRIMêRE NAVORSINGSVRAAG                    | 2             |
| 1.4 SEKONDêRE NAVORSINGSVRAE                   | 3             |
| 1.5 NAVORSINGSAANNAME                          | 3             |
| 1.6 DOEL VAN DIE NAVORSING                     | 3             |
| 1.7 KONSEPTUALISERING                          | 4             |
| 1.8 WAARDE VAN DIE NAVORSING                   | 6             |
| 1.9 BEPERKINGE EN AFBAKENING VAN DIE NAVORSING | 6             |
| 1.9.1 Beperkinge                               | 6             |
| 1.9.2 Afbakening                               | 7             |
| 1.9.3 Die steekproeftrekking                   | 7             |
| 1.10 PLEK VAN NAVORSING                        | 7             |
| 1.11 BEGRIPSVERKLARING                         | 7             |
| 1.11.1 Ouerskap                                | 7             |
| 1.11.2 Ouer                                    | 8             |
| 1.11.3 Betrokkenheid / deelname                | 8             |
| 1.11.4 Vennootskappe                           | 9             |
| 1.12 NAVORSINGSMETODE                          | 9             |
| 1.12.1 Literatuuroorsig                        | 9             |
| 1.12.2 Empiriese ondersoek                     | 9             |
| 1.12.3 Die onderhoude                          | 9             |
| 1.12.4 Data-ontleding                          | 10            |

|                         |  |           |
|-------------------------|--|-----------|
| 1.13                    | ETIESE KWESSIES  | 10        |
| 1.14                    | BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID                           | 11        |
| 1.14.1                  | Sigwaarde  | 11        |
| 1.14.2                  | Toepaslikheid  | 11        |
| 1.14.3                  | Konsekwentheid   | 12        |
| 1.14.4                  | Objektiwiteit  | 12        |
| 1.15                    | INDELING VAN HOOFSTUKKE                                | 12        |
| 1.16                    | SAMEVATTING  | 13        |
| <b>HOOFSTUK 2</b>       |  | <b>14</b> |
| <b>LITERATUUROORSIG</b> |  |           |
| 2.1                     | INLEIDING  | 14        |
| 2.2                     | OUERBETROKKENHEID                                      | 14        |
| 2.2.1                   | Wat is ouerbetrokkenheid?                              | 14        |
| 2.2.2                   | Ouerbetrokkenheid in konteks                           | 15        |
| 2.2.3                   | Historiese oorsig van ouerbetrokkenheid in Suid-Afrika | 17        |
| 2.2.4                   | Epstein (1995) se raamwerk van ouerbetrokkenheid       | 17        |
| 2.3                     | DIE FAMILIE AS VENNOOT IN DIE KIND SE SKOOLOPVOEDING   | 21        |
| 2.3.1                   | Funksionering van die familie (sosialisering)          | 21        |
| 2.3.2                   | Die familie as 'n sisteem                              | 22        |
| 2.3.3                   | Variëteite in familiestrukture                         | 22        |
| 2.3.4                   | Families met beide ouers                               | 23        |
| 2.3.5                   | Enkelouer-families                                     | 24        |
| 2.3.6                   | Grootouers   | 24        |
| 2.3.7                   | Ander familiestrukture                                 | 25        |
| 2.4                     | DIE WAARDE VAN OUERBETROKKENHEID                       | 25        |
| 2.4.1                   | Waarde van ouerbetrokkenheid vir kind en ouers         | 25        |
| 2.4.2                   | Waarde van ouerbetrokkenheid vir skool en gemeenskap   | 26        |
| 2.4.3                   | Waarde van ouerbetrokkenheid vir opvoeders             | 26        |
| 2.5                     | MOONTLIKE MANIERE OM OUERS BETROKKE TE KRY             | 27        |
| 2.6                     | SAMEVATTING  | 27        |

|  |   |
|--|---|
| <b>HOOFSTUK 3</b>                                    | <b>29</b>                                   |
| <b>NAVORSINGSMETODOLOGIE EN METODE VAN ONDERSOEK</b> |   |
| 3.1  | INLEIDING 29                                |
| 3.2  | KWALITATIEWE NAVORSINGSMETODE 29            |
| 3.2.1  | 'n Interaktiewe navorsingsraamwerk 30       |
| 3.2.2  | Die navorsingsvraag 30                      |
| 3.2.3  | Doelwit 31                                  |
| 3.2.4  | Konseptuele raamwerk 32                     |
| 3.2.5  | Kwalitatiewe navorsingsmetode 33            |
| 3.2.6  | Egtheid van die navorsing 34                |
| 3.3  | DIE DOEL VAN KWALITATIEWE NAVORSING 35      |
| 3.3.1  | Persoonlike doelwit 35                      |
| 3.3.2  | Praktiese doelwit 35                        |
| 3.3.3  | Intellektuele doelwit 35                    |
| 3.4  | DIE NAVORSINGSDEELNEMERS 36                 |
| 3.5  | DIE NAVORSINGSINSTRUMENT: DIE ONDERHOUDE 37 |
| 3.6  | ETIESE KWESSIES 38                          |
| 3.7  | BEPERKINGE 39                               |
| 3.8  | SAMEVATTING 40                              |
| <b>HOOFSTUK 4</b>                                    | <b>41</b>                                   |
| <b>NAVORSINGSRESULTATE</b>                           |   |
| 4.1  | INLEIDING 41                                |
| 4.2  | DIE VERLOOP VAN DIE NAVORSING 41            |
| 4.3  | RESULTATE VAN DATA-ANALISE PER VRAAG 42     |
| 4.4  | ALGEMENE RESULTATE 45                       |
| 4.4.1  | Ouerskap 46                                 |
| 4.4.2  | Ouer 46                                     |
| 4.4.3  | Betrokkenheid / deelname 46                 |

|       |                        |    |
|-------|------------------------|----|
| 4.4.4 | Vennootskappe          | 47 |
| 4.5   | SAMEVATTENDE RESULTATE | 47 |
| 4.6   | SAMEVATTING            | 48 |

**HOOFSTUK 5** **49**  
**BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGE, AANBEVELINGS EN SAMEVATTING**

|       |  |    |
|-------|--|----|
| 5.1   | INLEIDING  | 49 |
| 5.2   | BEVINDINGE   | 49 |
| 5.2.1 | Bevindinge betreffende ouerbetrokkenheid in leerderopvoeding                         | 50 |
| 5.2.2 | Bevindinge betreffende geleenthede vir ouers om betrokke te raak by leerderopvoeding | 51 |
| 5.2.3 | Bevindinge betreffende die bepalings van SASA, Wet 84 van 1996                       | 51 |
| 5.3   | GEVOLGTREKKINGE  | 51 |
| 5.4   | AANBEVELINGS   | 52 |
| 5.5   | TERREINE VIR MOONTLIKE VERDERE NAVORSING   | 53 |
| 5.6   | SAMEVATTING  | 53 |

**BRONVERWYSINGS** **55**

|         |  |    |
|---------|--|----|
| BYLAE A | Vraelys  | 61 |
| BYLAE B | Onderhoude                                       | 62 |
| BYLAE C | Toestemming om navorsing by die Etiekkomitee, US | 78 |
| BYLAE D | Toestemming om navorsing te kan doen by die WKOD | 81 |

## HOOFSTUK 1

### PERSPEKTIEFSTELLING EN DOELFORMULERING

#### 1.1 INLEIDING

Die historiese ongelykhede van die apartheidsstelsel in 1994 was van die belangrikste bydraende faktore in die strewe na gelykheid in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel (Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996). Die radikale verandering na demokratisering in 1994 bring mee dat die skool nie meer alleen verantwoordelik gehou kan word vir kinders se opvoeding nie. Dit is egter te betwyfel of hierdie wetgewing in alle skole en meer spesifiek in voorheen-benadeelde plattelandse primêre staatskole toegepas word. Dit laat die vraag ontstaan: Is ouers betrokke by leerderopvoeding en indien wel, hoe betrokke is hulle?

Vele wêreldwye navorsingstudies beklemtoon die voordele van ouerbetrokkenheid (Epstein, 1995; 1996; Heystek & Louw, 1999; Lemmer, 2007; Ransom, 2004; Rumberger, 1995; Singh, Mbokodi & Msila, 2004; Van Wyk, 2001). By die skool waar ek tans onderrig, blyk dit dat sommige ouers nog nie die belangrikheid van hierdie verantwoordelikheid ten opsigte van hul kinders se opvoeding besef en probeer nastreef nie.

In die internasionale arena word daar gestreef na demokratisering in die opvoeding sodat skole selfbesturende status kan geniet (Van Deventer & Kruger, 2003: 235). Hierdeur word gepoog om opvoeders, ouers, leerders en gemeenskappe beheer te gee oor skole, asook om opvoeding te verbeter en te ontwikkel. Dit laat die vraag ontstaan of ouers wat ongeletterd is, wat nie kan lees of skryf nie, oor die nodige ervaring, kennis en vaardighede beskik om die bepaling in Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA) 1996 te kan uitleef. Laasgenoemde was my dryfkrag om navorsing te doen om te bepaal of ouers betrokke is by hul kinders se opvoeding en, indien wel, hoe betrokke hulle is.

Ten spyte daarvan dat wetgewing die geleentheid aan skoolbeheerrade bied om onderwyseraanstellings in skole te maak, soos in SASA (1996) bepaal word, verklaar die huidige Minister van Basiese Onderwys in Suid-Afrika, Angie Motshega, dat skoolbeheerrade na 18 jaar in sommige voorheen-benadeelde skole nie kompetender genoeg is wanneer dit kom by kortlystings- en aanstellingsprosedures nie (SABC, TV2, 26 November 2011).

Bogenoemde verklaring is kommerwekkend en het my gemotiveer om navorsing te doen om vas te stel of ouerbetrokkenheid in voorheen-benadeelde skole toegepas word soos wat SASA (1996) se bepalings vereis.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Die SASA (1996) bepaal dat ouers betrokke moet wees by hul kinders se skoolopvoeding. Verder word daar wêreldwyd aanvaar dat positiewe ouerbetrokkenheid en ouers se vennootskap met skole 'n vereiste is vir doeltreffende onderrig en dat positiewe samewerking tussen huis en skool onderwysprestasies kan verbeter (Tomlinson, 1993: 131). Dauber en Epstein (1993: 53) beweer ook dat navorsing wat oor bykans 25 jaar strek oortuigend bewys dat ouerbetrokkenheid noodsaaklik is vir kinders se opvoeding, hul houdings oor skool en hulle toekomsstrewes. Kinders behaal ook makliker sukses op alle vlakke in die skool as hul ouers betrokke is en onderrig en leer tuis aanmoedig; ongeag die opvoedkundige agtergrond of sosiale stand van die ouers (Dauber & Epstein, 1993: 53).

In weerwil van bogenoemde wetsbepaling is daar 'n kommerwekkende gebrek aan ouerbetrokkenheid by leerderopvoeding in skole waar daar semi-geskoolde, soms totaal-ongeletterde, arm en werklose ouers voorkom. Hierdie probleem vorm die kernfokus van hierdie navorsingstudie. Die navorser is reeds vir meer as 37 jaar werksaam as opvoeder in 'n voorheen-benadeelde primêre plattelandse staatskool, waar daar van ouerbetrokkenheid weinig of geen sprake is nie. Die swak uitslae van die sistemiese toetse in geletterdheid en gesyferdheid in sommige voorheen-benadeelde skole (WKOD, 2005) dui op 'n ernstige probleem wat moontlik ook verband kan hou met die gebrek aan ouerbetrokkenheid. Die vraag ontstaan dus of ouers oor die nodige vaardighede beskik en genoegsaam bemaagtig word om 'n betekenisvolle bydrae te kan lewer tot die verbetering van leerderprestasies.

Van Wyk en Lemmer (2004: 147) het bevind dat die kind se houding teenoor die skool en die onderwys sy oorsprong in die huis het. Dit beteken dat die leerders se idees oor die belangrikheid van onderwys en leer, en hulle houding teenoor skoolgaan begin by die verwagting en beskouings van hul ouers. Onderwysuitkomst is dus die resultaat van die wedersydse interaksie tussen dit wat die kind van die huis af bring en dit wat in die skool gebeur.

Comer (1988: 45) het bevind dat die onvermoë om die sosiale en kulturele gaping tussen skool en huis te oorbrug dalk die hooforsaak van baie kinders uit arm minderheidsgroepe se swak akademiese prestasies is.

## 1.3 PRIMÊRE NAVORSINGSVRAAG

Om hierdie navorsingstudie doeltreffend te rig, is die volgende primêre navorsingsvraag geformuleer:

*Wat is die rol en aard van ouerbetrokkenheid by leerderopvoeding in voorheen-benadeelde primêre plattelandse staatskole?*

## 1.4 SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAE

Weens die omvattende aard van die primêre navorsingsvraag, is die volgende sekondêre navorsingsvrae geformuleer:

- *Watter tipe betrokkenheid kan verwag word van arm, half-geskoolde ouers, soms totaal ongeletterd, ten opsigte van hul kinders se opvoeding?*
- *Hoe verstaan ouers ouerbetrokkenheid by hulle kinders se skoolwerk?*
- *Watter geleenthede bied skole vir ouers om betrokke te raak by die opvoeding van hul kinders?*
- *Hoe en deur wie word ouerbetrokkenheid in skole bestuur?*

## 1.5 NAVORSINGSAANNAME

Na aanleiding van die resultate van die literatuurstudie (Epstein, 1995, 1996; Heystek & Louw, 1999; Lemmer, 2007; Ransom, 2004; Rumberger, 1995; Singh, Mbokodi & Msila, 2004; Van Wyk, 2001) blyk dit dat nie alle ouers in voorheen-benadeelde primêre plattelandse staatskole oor die kennis, vaardigheid en ingesteldheid beskik om betrokke te wees by hul kinders se opvoeding nie. Die suksesvolle implementering van die bepalings van SASA (1996) ten opsigte van ouerbetrokkenheid in veral voorheen-benadeelde primêre plattelandse staatskole kan dus bevraagteken word.

## 1.6 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die Wes-Kaapse Departement van Onderwys (ANA-verslag, 2011) is bekommerd daaroor dat ouerbetrokkenheid in voorheen-benadeelde primêre staatskole nog nie tot sy reg kom nie. Hierdie kommer is gebaseer op die uitslae van die jaarlikse Nasionale Assessering (ANA). Hierdie situasie het onder andere aanleiding gegee tot hierdie studie.

Die studie fokus op die volgende drie doelstellings:

- Om die aard en omvang van ouerbetrokkenheid in voorheen-benadeelde primêre staatskole te ondersoek.
- Om die faktore wat daartoe bydra dat ouers in voorheen-benadeelde primêre staatskole min of geen betrokkenheid in hul kinders se opvoeding toon nie te ondersoek en te interpreteer.

- Om te ondersoek of veral ongeskoolde, semi-geskoolde, arm en werklose ouers die magte en verantwoordelikhede wat deur SASA (1996) aan hulle toegeken word, verstaan en benut.

Dit sal die navorser in staat stel om te bepaal waarom ouerbetrokkenheid na 18 jaar van demokrasie in Suid-Afrika nog nie ten volle deel vorm van die skoolbeleid in voorheen-benadeelde plattelandse primêre staatskole nie.

## 1.7 KONSEPTUALISERING

Die konseptuele raamwerk van 'n navorsingstudie vorm 'n belangrike deel van die beplanning. Miles en Huberman (1994) en Robson (2002) beskryf die konseptuele raamwerk as 'n visuele of geskrewe produk wat die belangrikste faktore, konsepte of verskeidenhede, grafies of in storienvorm beskryf. Dit gaan ook oor die vind van moontlike verbande tussen die verskillende terreine van die betrokke studie. Gevolglik vorm konsepte soos bevooroordeeling, verwagtinge, geloof en teorieë, wat die navorsing ondersteun, 'n belangrike deel van die beplanning. Die konseptuele raamwerk is 'n konsep of 'n model van die navorser se beplande navorsing. Dit sluit ook die aard van die probleem in en hoekom dit 'n tentatiewe teorie is ten opsigte van die probleem. Die teorie beïnvloed die beplanning en word met die doelwit vergelyk om laasgenoemde te verfyn.

Verder dra dit by tot die ontwikkeling van 'n gepaste navorsingsvraag en die keuse van die navorsingsmetode. Die navorsingsprobleem wat in hierdie studie aangespreek is, berus juis op die feit dat die gebrekkige ouerbetrokkenheid by sommige voorheen-benadeelde primêre plattelandse staatskole problematies is vir effektiewe onderrig en leer. Verder blyk die navorsingsprobleem 'n wêreldwye tendens te wees (Epstein, 1996; Lemmer, 2007; Ransom, 2004; Van Deventer & Kruger, 2003; Bojuwoye, 2009; Smit & Liebenberg, 2003).

Van Schalkwyk (1986: 179) bevestig ook die belangrikheid van ouerbetrokkenheid en stel dit dat die familie nie net in die kind se liggaamlike welstand moet voorsien nie, maar ook 'n rol moet speel om die kind te ondersteun, om hom/haar advies te gee en tereg te wys. Al hierdie aspekte speel 'n belangrike rol in die voorbereiding van die kind se toetrede tot die onbekende wêreld.

In aansluiting by Van Schalkwyk (1986: 179) wys Lemmer (2002: 198) daarop dat die familie, spesifiek die ouers, ook 'n opvoedkundige gemeenskap vorm wat verantwoordelikheid moet aanvaar vir die kind se opvoeding.

Die gelyke of gedeelde verantwoordelikheid van ouers as die eerste, informele opvoeders en onderwysers as tweede formele opvoeders van kinders binne 'n vennootskap, het sedert 1994 na die demokratisering van Suid-Afrikaanse onderwys toenemend belangrik geword. Voor 1994 het die Apartheidswette gelyke onderwys



nadelig beïnvloed. Sekere inwoners van die land is bevoordeel ten koste van ander. Met die demokratisering word daar gepoog om aan alle landsburgers gelyke geleenthede te bied. Ek is van mening dat opvoeding vir te lank gesien is as die eksklusiewe verantwoordelikheid van die skool en dat ouerdeelname minimaal was. Die aktualiteit van die navorsingstudie lê juis in die feit dat die demokratisering van die onderwys na 1994, volgens die bepalings van SASA (1996), 'n drastiese en toenemende bewusmaking van die erkenning van die gedeelde verantwoordelikheid tussen ouers en die skool vereis. Ouers moet die belangrikheid en die noodsaaklikheid van hul betrokkenheid by die onderwys besef en verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.

Sheldon (2002) argumenteer dat een van die belangrikste faktore in 'n kind se skoolse sukses die vlak is van sy/haar ouers se betrokkenheid in die kind se opvoeding.

Ouerbetrokkenheid in spesifieke omstandighede is problematies in dié sin dat alle ouers nie dieselfde visie het ten opsigte van hul betrokkenheid in hul kinders se opvoeding nie. Sommige ouers is ongeletterd en voel hulle betrokkenheid lê slegs daarin dat hulle moet toesien dat hul kinders elke dag skool toe gaan. Ander help hul kinders met skooltake om goeie punte te kry, gee groot finansiële bydraes aan die skool, dien op rade en komitees van die skool en nog ander sien die opvoeding van die kind geheel en al as die verantwoordelikheid van die skool en waag dit nie om in te meng nie. Hierdie navorsing fokus op die kategorie ouers wat hul betrokkenheid totaal aan die skool oorlaat.

Die Nasionale Minister van Basiese Onderwys in Suid-Afrika, me. Angie Motshekga, beweer in *Die Burger* (8 Junie 2009: 8) dat die swak matriekuitslae in sommige skole deels voor die deur van onbetrokke ouers gelê kan word. Hierdie stelling van die nasionale onderwysminister word gerugsteun deur twee skoolhoofde van plattelandse skole wat aandui dat die verbetering in hul matriekslaagsyfer in 2011 direk gekoppel kan word aan die ouers se sinvolle betrokkenheid by hul kinders se opvoeding (*Die Hoorn*, 13 Januarie 2012: 10).

Skole funksioneer egter elkeen binne hul unieke skoolgemeenskappe en kan nie met mekaar vergelyk word nie. Gevolglik sal die probleem van gebrekkige ouerbetrokkenheid in spesifieke omstandighede van skool tot skool verskil. Daar bestaan ook verskillende perspektiewe oor ouerbetrokkenheid, naamlik die politieke en demokratiese siening teenoor die opvoedkundige, morele waarde-gedrewe en die religieus-gedrewe benadering tot ouerbetrokkenheid (Kruger, 1987).

Die tipes ouerbetrokkenheid is: ouerskap, kommunikasie, vrywilligheid, tuiswerk/studies, besluitneming en samewerking met die gemeenskap. Hierdie raamwerk vorm Epstein se ses tipes van ouerbetrokkenheid (sien 2.2.4 vir 'n volledige bespreking).

## **1.8 WAARDE VAN DIE NAVORSING**

Ouers moet besef dat hul betrokkenheid by leerderopvoeding van die belangrikste fasette is om suksesvolle opvoeding te verseker (Mmotlane, Winnaar & Kivilu, 2009). Volgens bevindinge deur Heystek en Louw (1999) het ouers as kliënte van die skool min sê in die skoolbestuur. Gevolglik is 'n vennootskap-georiënteerde benadering noodsaaklik om ouers die geleentheid te bied om pro-aktief ten opsigte van hul kinders se opvoeding te wees. Ouers het die belangrikste invloed op hul kinders se ontwikkeling en speel 'n beduidende rol as tussengangers tussen hul kinders, die gemeenskap en die skool. Dit is dus noodsaaklik dat ouers betrokke moet wees by hul kinders se opvoeding (Bronfenbrenner, 1979).

Volgens Hall en Engelbrecht (1999: 231) en Mwamwenda (1995) moet ouers ook inspraak hê in die wyse waarop hul kinders by die skool opgevoed en behandel word. Ouers het die reg om te weet wat aangaan in die skool en watter soort opvoeding hulle kinders daar ontvang. Die algemene uitgangspunt is dat almal wat volgens die Skolewet as ouer kwalifiseer die reg het om deel te neem aan die besluitnemingsprosesse wat hul kinders se opvoeding affekteer (Departement van Onderwys en Vaardighede, 2005). Die in SASA (1996) wil dit bereik deur wetgewing dat daar in elke openbare skool beheerrade moet wees. Hierdie skoolbeheerrade bestaan uit ouers, opvoeders, leerderverteenwoordigers, administratiewe personeel en die gemeenskap. Skoolbeheerrade word gesien as die amptelike verteenwoordiging van die skool en funksioneer as die hoofliggaam gemoeid met die ontwikkeling van opvoedkundige gemeenskappe en praktyke rondom die skool om sodoende 'n leeromgewing te verseker en geleenthede vir leerders te waarborg om sukses te behaal (Macfarlane, 2005).

Aangesien daar in hierdie navorsing gefokus word op die aard en omvang van ouerbetrokkenheid in vyf skole waar die ouers ongeletterd, arm of werkloos is, is die groot waarde van die navorsing dat die stand van sake van ouerbetrokkenheid vasgestel kan word en wenke aan die hand gedoen kan word om die situasie in sodanige skole aan te spreek en te verbeter.

## **1.9 BEPERKINGE EN AFBAKENING VAN DIE NAVORSING**

### **1.9.1 Beperkinge**

Die moontlike beperkinge wat die navorsing kan beïnvloed, het hoofsaaklik te doen met die ouers wat aan die onderhoude gaan deelneem. Aangesien die deelnemende ouers meestal ongeletterd is, kan hul moontlik huiwerig wees om betrokke te raak. As gevolg van allerlei omstandighede, kan dit gebeur dat die onderhoudstye op kort kennisgewing verander moet word en vertragings met die onderhoudsvoering kan moontlik ontstaan. Die moontlikheid bestaan ook dat nie alle respondente hul eerlike opinies sal gee nie. Dit mag heel moontlik die navorser se interpretasie van die data beïnvloed.

### 1.9.2 Afbakening

Hierdie studie fokus op ouerbetrokkenheid in vyf voorheen-benadeelde primêre plattelandse staatskole binne die grense van die Oudtshoorn Munisipaliteit in die Suid-Kaap. Die skole is gekeur ten opsigte van hul ligging, leerdertal en opvoederstal. Daar is gekyk na watter kultuurgroepe die skool akkommodeer, of die huistaal Afrikaans is en of Engels as addisionele taal gebruik word. Om die navorsing verteenwoordigend te maak ten opsigte van die streek, is staatskole in 'n radius van 10 kilometer by die navorsing betrek.

### 1.9.3 Die steekproeftrekking

Deelnemers is willekeurig gekies uit die skole wat volgens die afbakening (sien 1.9.2) kwalifiseer en wat voorheen-benadeelde primêre plattelandse staatskole is. Die deelnemende ouers het die volgende kenmerke: almal is semi-geletterd of ongeletterd, arm en werkloos en nie betrokke by hulle kinders se skoolopvoeding nie.

## 1.10 PLEK VAN NAVORSING

Die navorsing het plaasgevind in voorheen-benadeelde primêre plattelandse staatskole binne die Oudtshoorn Munisipale grense in die Suid-Kaap. Die skoolgemeenskappe is behoeftig. Die meerderheid ouers is ongekwalifiseerde enkelouers wat werkzaam is as huishulpe en fabriekwerkers. 'n Hoë mate van werkloosheid kom ook voor en baie is afhanklik van staatspensioene. Vir sommige ouers bied die munisipale behuisingskemas huisvesting, maar dis hoofsaaklik informele strukture. Ouers wat onder hagglike omstandighede in plakkerskampe woon, is ook by die navorsingsgroep ingesluit.

## 1.11 BEGRIPSVERKLARING

Die volgende begrippe word deurlopend in hierdie studie gebruik en, tensy anders vermeld, moet die volgende betekenis daarin gelees word:

### 1.11.1 Ouerskap

*Ouerskap* word volgens SASA (1996) beskryf as *die biologiese ouer van 'n kind, wettige toesighouer; 'n persoon wetlik verantwoordelik of die persoon wat onderneem om die taak te aanvaar ten opsigte van leerderopvoeding.*

### 1.11.2 Ouer

Die wysigingswet in die Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika, No. 32790 (9 Desember 2009) byvoeging tot seksie 1, SASA (1996) beskryf *ouer* as volg:

*Ouer beteken:*

- a) *die biologiese ouer of wettige voog van 'n leerder;*
- b) *'n persoon aan wie wettige toesig oor 'n kind toegestaan is; of*
- c) *die persoon wat onderneem om die rol van ouer te vervul (soos beskryf in paragraaf a) en b)) ten opsigte van 'n leerder se opvoeding.*

Die verandering aan die wet impliseer dus dat 'n ouer 'n lid van die familie kan wees of enige persoon wat bereidwillig is om die taak van ouer te aanvaar. Bogenoemde wysigingswet tot SASA (1996) was noodsaaklik om dit moontlik te maak dat meer kinders in ouerhuise kan woon. Hierdie wysiging was ook belangrik vir my navorsingstudie aangesien baie kinders wat in die afgebakende gebied vir die navorsing nie by hul biologiese ouers woon nie.

### 1.11.3 Betrokkenheid/deelname

Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booyen (1994) omskryf die begrippe *betrokkenheid* en *deelname* soos volg:

*Betrokkenheid* beteken in verband staan – gemoeid wees met; almal betrokke by die bespreking; betrokke wees by (in) die aksie (betrek by wat op die oomblik belangrik is), opgeneem in.

Op grond van my navorsing wou ek vasstel of ouers betrokke is by, gemoeid is met en betrek word by hul kinders se opvoeding. Die algemene ervaring van ouers uit voorheen-benadeelde gemeenskappe is dat hulle ouerskap moeilik vind as gevolg van hulle ongeletterdheid of semi-geskooldheid en dikwels ook werksverpligtinge. Dit lei dikwels daartoe dat ouers dit moeilik vind om betrokke te raak, gemoeid te wees met of om betrek te word by hul kinders se opvoeding.

*Betrokkenheid* impliseer dus 'n handeling of daad wat daadwerklike *deelname* vereis, soos om skoolvergaderings by te woon. Dit sluit in deelname aan besprekings deur insette te lewer en die dien op strukture. *Betrokkenheid* en *deelname* lei later tot vennootskappe waar groepe saamwerk om voordeel daaruit te trek.

#### 1.11.4 Vennootskappe

Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booyen (1994) definieer *vennootskappe* as 'n ooreenkoms waarby twee of meer persone of instansies hulle verbind om gesamentlik handel te drywe tot hul onderlinge voordeel.

Die skool en ouerhuis staan in vennootskap met mekaar of is verbind daartoe om gesamentlike verantwoordelikheid vir leerders se opvoeding te aanvaar. Die ouer moet 'n leerkultuur by die huis skep en toesien dat leerders hulle tuiswerk voltooi. Ouers kan ook help met fondsinsamelingsprojekte vir die aankoop van onderrighulpmiddels wat leerders kan help om beter te presteer. Hulle kan ook op skoolkomitees dien of betrokke raak deur gratis dienste aan die skool te verskaf, soos tuindienste, terreinverfraaiings, toesighouding tydens opvoederafwesigheid, skoonmaakdienste, sportafrigting en dies meer.

### 1.12 NAVORSINGSMETODE

Hierdie navorsing bestaan uit 'n literatuuoroorsig en 'n empiriese ondersoek.

#### 1.12.1 Literatuuoroorsig

Vir die doel van hierdie studie het ek heelwat literatuur oor die navorsingsprobleem geraadpleeg om te bepaal watter navorsing reeds oor die spesifieke probleem gedoen is. Leedy en Ormrod (2005: 77) meld dat 'n goeie literatuuoroorsig blyke daarvan gee dat die navorser in staat is om die ingewonne inligting te evalueer, te organiseer en in verband te bring met mekaar en sy/haar eie ondersoek. Gevolglik het ek uiteindelik slegs dié literatuur gebruik wat waarde tot my eie navorsing toevoeg het.

In Hoofstuk 2 word die literatuuoroorsig volledig aangebied.

#### 1.12.2 Empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek het uit kwalitatiewe semi-gestruktureerde onderhoude met 'n verteenwoordigende groep ouers uit die betrokke streek bestaan. Die ondersoek het twee maande geduur.

#### 1.12.3 Die onderhoude

'n Voorafvergadering is met die deelnemers afsonderlik gereël om die navorsingsproses te verduidelik. Daarna is die individuele onderhoude gevoer. Semi-gestruktureerde onderhoude is gevoer en alle onderhoude is met die toestemming van die deelnemers op band opgeneem.

#### 1.12.4 Data-ontleding

Die eerste stap was om na die onderhoude op band te luister en die response neer te skryf. Daarna is relevante kategorieë gekies, nl. organisatoriese kategorieë, substantiewe kategorieë en teoretiese kategorieë. Die response (data) is toe volgens hierdie kategorieë gerangskik. Die navorser het tydens hierdie interpretasieproses gefokus op watter data verwant is, byvoorbeeld watter vrae se dieselfde is. Dit het gesamentlike resultate en bevindinge gelewer. Op grond hiervan is gevolgtrekkings gemaak.

Die navorser het die response ook gebruik om waar te neem en te kontroleer of die deelnemers die vrae korrek verstaan en geïnterpreteer het en hoe hulle daarop gereageer het.

### 1.13 ETIESE KWESSIES

Leedy en Ormrod (2005: 102) verdeel etiese kwessies in vier kategorieë: die beskerming teen aanvalle; ingeligtheid oor gebeure; reg op privaatheid en eerlikheid teenoor deelnemers.

Die deelnemers in hierdie studie is verseker dat hulle nie blootgestel sou word aan fisieke of sielkundige geweld nie. Die deelnemers is ook volledig ingelig oor die aard en doel van die navorsing asook wat hul aandeel aan die navorsing is. Hulle deelname aan die studie was vrywillig en sonder enige voorwaardes.

Die navorser en deelnemers het vertroulikheid gehandhaaf. Die navorser was verder verbind tot vertroulikheid teenoor die skool en die Onderwysdepartement. Die deelnemers se reg op privaatheid is beskerm.

Deelnemers se anonimiteit is verseker en vertroulikheid is gewaarborg. Die navorsingsverslag is ook so aangebied dat geen individue of skole geïdentifiseer kon word nie. Die skole en die Onderwysdepartement is verseker dat alles tydens die onderhoude vertroulik sou geskied. Deelnemers kon ter enige tyd aan die studie onttrek. Deelnemers kon 'n kopie kry van die verwerkte data voordat dit finaal in die navorsingsverslag opgeneem is om te verseker dat die inligting korrek weergegee is.

Phillips en Burbeles (2000: 5-10) verklaar dat egtheid 'n doelwit is eerder as 'n produk. Dit is nie iets wat bewys kan word of as vanselfsprekend aanvaar kan word nie. Egtheid word beoordeel in verhouding tot die doel en omstandighede van die navorsing.

Gevolgtrek is die volgende in aanmerking geneem om egtheid te verseker:

- In watter opsig kan die uitslag en slotgevolgtrekkinge van my navorsing moontlik verkeerd wees?
- Watter moontlike alternatiewe interpretasies sou die bevindinge kon beïnvloed?
- Hoe gaan dit hanteer word?
- Hoe kan die gegeneerde data my argument ondersteun of uitdaag ten opsigte van die werklikheid?
- Hoekom moet my bevindinge deur ander geglo word?

#### **1.14 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID**

Guba en Lincoln (1989) onderskei vier kriteria vir betroubaarheid, naamlik sigwaarde, toepaslikheid, konsekwentheid en objektiwiteit. Die definisies van betroubaarheid ten opsigte van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsontwerpe verskil van mekaar op grond van die filosofiese en konseptuele verskille tussen die twee.

Die onderstaande kriteria is gebruik ten opsigte van betroubaarheid:

##### 1.14.1 Sigwaarde (waarde by vertoning of voorlegging)

Volgens Guba en Lincoln (1989) word 'n kwalitatiewe navorsingstudie as geloofwaardig beskou wanneer dit sulke akkurate beskrywings of interpretasies van menslike ervarings bevat dat almal wat dieselfde ervarings deel die beskrywing onmiddellik sal herken.

Die navorser sal die deelnemers se optrede tydens die onderhoude akkuraat waarneem, want die deelnemers se houdings, vertonings en emosies sal waarde toevoeg tot die navorsingsproduk.

##### 1.14.2 Toepaslikheid (geskik vir die omstandighede)

Guba en Lincoln (1989) redeneer verder dat die kwalitatiewe navorsingsmetode toepaslik is indien voldoende beskrywende data verskaf word om vergelykings met ander soortgelyke studies ten opsigte van die konteks te laat.

Die navorser sal toepaslikheid benut deur die navorsingsvrae so op te stel en te vra dat deelnemers die vrae toepaslik sal vind.

### 1.14.3 Konsekwentheid (logiese ooreenstemming)

Konsekwentheid is volgens Guba en Lincoln (1989) die derde kriteria vir betroubaarheid. Wanneer veronderstel word dat meervuldige realiteite bestaan, is konsekwentheid as kriteria nie langer relevant nie.

Die navorser sal konsekwent wees deur alle deelnemers op dieselfde wyse te hanteer. Geeneen sal bevoordeel word of te na gekom word nie. Die analise van die data wat gegenereer word, sal ook konsekwent wees.

### 1.14.4 Objektiviteit (onbevooroordeeld)

In kwalitatiewe navorsing verskuif die klem van die navorser se objektiviteit na die objektiewe generering en analise van die data (Guba & Lincoln, 1989).

Om objektiviteit te verseker sal die navorser die skole in alfabetiese volgorde betrek. Die onderhoude per skool sal ook in alfabetiese volgorde (volgens die deelnemers se vanne) gevoer word.

Bogenoemde kriteria sal toegepas word om die egtheid en betroubaarheid van my navorsing te verseker. Kvale (2006) beweer dat egtheid met betrekking tot onderhoude oor die betroubaarheid van die navorsingsbevindinge en die kwaliteit van die onderhoude self gaan. Dit behels versigtige vraagstelling, betekenisgewing aan dit wat gesê word en die deurlopende verifiëring van die gegenereerde data.

## 1.15 INDELING VAN HOOFSTUKKE

Die navorsingsverslag bestaan uit die volgende hoofstukke:

### **Hoofstuk 1**

Perspektiefstelling en doelformulering

In hierdie hoofstuk word die oriëntering tot die navorsing bespreek. Dit behels die probleemstelling, die navorsingsmetode, motivering vir die studie, die doelstellings en die hoofstukindeling.

### **Hoofstuk 2**

Literatuuroorsig

Hierdie hoofstuk bestaan uit 'n literatuuroorsig oor die waarde/noodsaaklikheid van ouerbetrokkenheid, soos dit betrekking het op die navorsing. Dit sluit die verskillende vlakke van ouerbetrokkenheid, begripsverklarings en moontlike terreine van ouerbetrokkenheid in.



### **Hoofstuk 3**

#### Navorsingsmetodologie en metode van ondersoek

Dié hoofstuk is 'n bespreking van die navorsingmetode wat gebruik is, die doel van kwalitatiewe navorsing, die navorsingsdeelnemers, die navorsingsinstrument en etiese kwessies.

### **Hoofstuk 4**

#### Navorsingsresultate

In hierdie hoofstuk word die aard van die navorsing bespreek asook die navorsingsprosedure, die onderhoudskedule, die onderhoudsvrae, die analise van die data en die resultate.

### **Hoofstuk 5**

#### Bevindinge, gevolgtrekkinge, aanbevelings en samevatting

Hierdie is die slothoofstuk waarin die bevindinge, gevolgtrekkinge, aanbevelings en samevatting bespreek word.

## **1.16 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is die perspektiefstelling en doelformulering beskryf. Ten spyte van wetgewing, beleidsdokumente en baie navorsing oor ouerbetrokkenheid, is daar nog ouers wat nie die voordele van ouerbetrokkenheid beseef nie. Gevolglik lei dit daartoe dat sommige skole nie in staat is om kwaliteitonderrig aan te bied nie. Ouers moet die waarde van ouerbetrokkenheid begin beseef en deur by die skool betrokke te raak 'n bydra lewer tot die ontwikkeling van hul kinders as toekomstige selfversorgende volwassenes. Ouers is die eerste informele opvoeders van hul kinders en dis hulle plig om die kind tuis voor te berei vir sy tweede en meer formele fase van opvoeding, nl. in die skool.

In Hoofstuk 2 word 'n omvattende literatuuroorsig ten opsigte van ouerbetrokkenheid in skole aangebied.

## HOOFSTUK 2

### LITERATUUROORSIG

#### 2.1 INLEIDING

Ten einde 'n deeglike teoretiese begronding te verskaf vir die empiriese ondersoek, fokus hierdie hoofstuk op beleidswetgewing, veldtogte en navorsing wat geloods is om die wêreld se aandag te vestig op die belangrikheid van die kind se skoolopvoeding en ouers se deelname as vennote in die opvoeding van die kind.

In hierdie hoofstuk word daar dus gefokus op literatuur wat verband hou met die geïdentifiseerde navorsingsvrae (sien 1.3 en 1.4). Die posisionering van hierdie studie ten opsigte van vorige navorsing in verband met ouerbetrokkenheid in die onderwys word ook bespreek om sodoende die noodsaaklikheid en waarde van hierdie studie verder te beklemtoon. Die navorser sal ook aantoon waarom die navorsing belangrik is in die lig van bestaande navorsing oor die onderwerp.

#### 2.2 OUERBETROKKENHEID

##### 2.2.1 Wat is ouerbetrokkenheid?

Uit die literatuur blyk dit dat die begrip *ouerbetrokkenheid* verskillende betekenis het vir verskillende mense. Sommige mense verwys daarna as *ouervoorspraak* of *ouerbemagtiging*, terwyl ander dit beskou as 'n handeling wat uit meer as net skoolbesoeke en vrywillige diens bestaan. Ouerbetrokkenheid word ook geassosieer met fondsinsamelings, skool-skool-kommunikasie asook huis-huis-kommunikasie (Heystek & Louw, 1999).

Die onderwys beskou ouerbetrokkenheid as veel omvattender as bogenoemde. Ouers moet betrokke wees deur leerders te ondersteun met hul tuiswerkopdragte. Ouers moet selfs 'n bydrae lewer deur kinders tuis gereed te kry vir die skool bv. deur kinders die alfabet te leer, saam speletjies te speel, na musiek en opvoedkundige programme te luister, saam op uitstappies te gaan asook saam aan sportaktiwiteite deel te neem.

Lee en Bowen (2006) definieer ouerbetrokkenheid as volg:

*Ouerbetrokkenheid in leerderopvoeding kan die volgende insluit: die bywoning van opvoeder-ouer-konferensies; bywoon van skoolprogramme; inskakeling by vrywillige aktiwiteite; ouer-opvoedkundige betrokkenheid tuis soos om te help met tuiswerk, om skoolaktiwiteite met leerders te bespreek en om leerderaktiwiteite te bestuur.*

Dit sluit in dat ouers:

- 'n integrale rol speel by die ondersteuning van hul kinders se opvoeding.
- aangemoedig word om aktief betrokke te wees in hul kinders se skoolopvoeding.
- volle vennote is in hul kinders se opvoeding deur hulle deelname aan besluitnemingsprosesse en hulle diensbaarheid op skoolkomitees in die belang van hul kinders se opvoeding.
- verder help met die uitvoer van ander skoolaktiwiteite.

Die aard en omvang van ouerbetrokkenheid in leerders se opvoeding word egter deur verskillende faktore beïnvloed. Dit sluit faktore in soos geloof, ekonomiese bronne, sosiale netwerke en ouers se ervaring met die skool. Ouerbetrokkenheid word ook beïnvloed deur die opvoeders, skool en gemeenskap. Navorsing toon dat ouerbetrokkenheid ook verwant is aan die ouers se opvoedkundige vlak, ekonomiese status en die grootte van hul gesin (Dauber & Epstein, 1993). Oor die algemeen is ouers met min inkomste en lae opvoedingsvlakke slegs tot 'n geringe mate betrokke by skoolaktiwiteite (Lee & Bowen, 2006). Verder verander ouers se betrokkenheid soos die kind in ouderdom toeneem, deurdat ouers minder belangstelling in skoolaktiwiteite toon soos die kinders ouer word.

### 2.2.2 Ouerbetrokkenheid in konteks

Die invloed van ouers se betrokkenheid by hul kinders se skoolopvoeding word wêreldwyd hoog aangeslaan (Education Commission of the State, 1997; SASA, 1996; Wales Assembly Government, 2002). Dit is 'n duidelike aanduiding daarvan dat nóg die ouers, nóg die opvoeders die taak om die kind in sy totaliteit op te voed alleen kan behartig. Volgens die literatuur is 'n vennootskap tussen die skool en die huis dus 'n onontbeerlike voorvereiste vir die strewe na kwaliteitopvoeding in skole (Chavkin, 1998; Epstein, 1996; Lemmer, 2007; Ransom, 2004; Rugh & Bossert, 1998; Rumberger, 1995; Sheldon, 2002; Singh & Mbokodi, 2004; Van Wyk, 2001).

Navorsers in die VSA het onder meer bevind dat die rol van ouers, ongeag die ouers se sosiale klas, in die kinders se skoolopvoeding onontbeerlik is (Mc Grath & Kuriloff, 1999; Lareau & Horvat, 1999; Lee, Croninger & Smith, 1999; Lareau, 1987; Singh, Mbokodi & Msila, 2004). In 'n Suid-Afrikaanse studie oor ouerbetrokkenheid deur Singh, Mbokodi en Msila (2004) word die gees van Masifunde *Let us educate together* beklemtoon. Die *us* waarna verwys word, verteenwoordig die ouers en opvoeders.

Die Wysigingswet tot die SASA (Wet 84 van 1996, No.32790, 9 Desember 2009) (sien 1.8) verbind ouers tot die verantwoordelikheid om betrokke te raak by hul kinders se skoolopvoeding. Hierdie samewerking tussen alle belanghebbende partye word gebaseer op die beginsel dat skole geneig is om beter te presteer as daar gesamentlike pogings deur opvoeders, leerders, ouers, lede van die gemeenskap en die

Onderwysdepartement aangewend word om kwaliteitsopvoeding aan leerders te verseker (Bojuwoye, 2009; Smit & Liebenberg, 2003; Vernez & Li, 2009).

In die Suid-Afrikaanse onderwyskonteks is een van die mees insiggewende omwentelinge in die opvoeding juis dié van ouerbetrokkenheid (SASA, 1996). Ten spyte daarvan dat regeringswette en opvoedingsbeleide bestaan en baie navorsing gedoen is oor die voordele en die belangrikheid van ouerbetrokkenheid, deel die skool en familie nie altyd dieselfde perspektiewe oor wat werklik belangrik of noodsaaklik is met betrekking tot ouerbetrokkenheid nie (Lemmer, 2007; Felix, Dornbrack & Scheckle, 2008; Smit & Liebenberg, 2003).

Daar is bevind dat in skole waar ouers in die hoë inkomstegroepe val, 'n hoë mate van ouerbetrokkenheid aangetref word, terwyl 'n mindere mate van ouerbetrokkenheid aangetref word in skole met minder goeie of selfs ongeletterde ouers (Myburgh, Niehaus & Grobler, 1999). Jacobs en Harvey (2005) is van mening dat kinders makliker sukses op alle vlakke in die skool behaal as hul ouers betrokke is en onderrig en leer tuis aangemoedig word. Die feit dat ouers betrokke is al dan nie, is belangriker as die ouers se opvoedkundige agtergrond of sosiale stand. Met die implementering van Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) is die grondslag gelê vir groter deelname deur die ouers by leerderopvoeding. UGO vereis dat ouers die verantwoordelikheid van hul kinders se opvoeding met die Staat sal deel (DOE, 1997a: 27). Verder berus die UGO-beginsels daarop dat ouers die kennis wat hulle deur hulle betrokkenheid opdoen, moet benut in hul gemeenskappe en hul land om dié te help ontwikkel.

Die soort betrokkenheid wat die UGO-beleid onder andere van ouers, leerders en die gemeenskap verwag, is om gesamentlik verantwoordelik te wees vir die opstel van die skool se kurrikulum (Department of Education, 1997a: 28).

Daar word onder meer van ouers verwag om

- te verseker dat opvoedingsuitkomstes van die hoogste standaard is.
- skoolopvoedingswaardes te identifiseer en om die visie van die skool te ontwikkel.
- 'n aktiewe leerkultuur te bevorder deur die skep van 'n leerdervriendelike klimaat.
- die beoogde doelwitte te ondersteun en 'n positiewe leerkultuur te skep.
- beskikbaar te wees om op te tree as agente binne die skool om die leerproses te bevorder.

In die navorsers se konseptualisering van ouerbetrokkenheid word ouerbetrokkenheid nie net beskou as 'n wetlike verantwoordelikheid, soos bepaal in SASA (1996) nie, maar

word dit ook gesien as 'n goddelike, sosiologiese verantwoordelikheid waaraan voldoen moet word. Hierdie betrokkenheid kan op die godsdienstige en morele waardes van ouers berus, nl. dat ouerskap 'n gawe van God is (Kruger, 1987).

'n Ander perspektief op ouerbetrokkenheid is 'n morele, waardegedrewe en religieusgedrewe benadering tot ouerbetrokkenheid. Ouers behoort ook gedurig hul kinders te wys op die waardes wat die samelewing van hulle vereis om goeie, respekvolle landsburgers te word. Ouerbetrokkenheid en informele opvoeding tuis kan help dat kinders met min moeite inskakel by die georganiseerde roetine van die skool (Lemmer, 2007).

### 2.2.3 Historiese oorsig van ouerbetrokkenheid in Suid-Afrika

Ouers is altyd deur die gemeenskap gesien as die sentrale rolspelers in hul kinders se opvoeding (Barge & Williams, 2003). Met die begin van die koloniale tydperk is daar reeds van ouers verwag om betrokke te wees by skoolbestuur, om kurrikulumontwikkeling te ondersteun, om die aanstelling van opvoeders te behartig en om godsdiensoonderrig te bevorder (Heystek & Louw, 1999). In die laat 1800's en vroeë 1900's, tydens die burokratisering van skole en die opkoms van professionalisme by die skoolpersoneel, het hierdie vorm van ouerbetrokkenheid verdwyn. Dit het tot gevolg gehad dat opvoeding tuis en skoolopvoeding as twee afsonderlike soorte verantwoordelikhede gesien is. Daar is van ouers verwag om tuis akademiese bystand aan hulle kinders te bied. Hulle moes ook finansiële en emosionele bystand aan hul kinders en aan die skool gee. Ouers was betrokke by fondsinsamelings, begeleiers tydens skoolgebeurtenisse en onderrighulpe vir die opvoeders (Heystek & Louw, 1999). Kurrikulumontwikkeling is oorgelaat aan die professionele personeel en administrateurs van die skool (Barge & Loges, 2003).

Sedert die bekendstelling van SASA (1996) word ouers aangemoedig om betrokke te wees by die kinders se skoolopvoeding en om te help met die bestuur van die skool. Dit word gedoen deur ouers op skoolbeheerrade aan te stel. So kan hulle 'n bydrae lewer om kwaliteitopvoeding aan hulle kinders te verseker.

Alhoewel die regering deur wetgewing en beleid die grondslag lê vir 'n groter mate van ouerbetrokkenheid en ouerinspraak in skole, ontstaan die vraag of semi-geskoolde, ongeletterde ouers, soos wat in die platteland aangetref word, met hulle beperkte kundigheid, werklik in staat is om skole meer effektief te beheer en kwaliteitonderrig te verseker.

### 2.2.4 Epstein (1995) se raamwerk van ouerbetrokkenheid

Epstein het reeds in 1995 bevind dat daar belangrike redes is waarom die skool, gesinne en gemeenskappe vennootskappe moet ontwikkel en bevorder. Hy het die proses aan die hand van 'n raamwerk, wat uit ses tipes ouerbetrokkenheid bestaan,

beskryf. Die hoofrede vir sulke vennootskappe is volgens Einstein (1995) om seker te maak dat alle leerders op skool en in hulle latere lewe sukses behaal.

Epstein (1995) se raamwerk van ses tipes ouerbetrokkenheid is die volgende:

- Ouerskap: Die ondersteuning van alle ouers met die totstandkoming van 'n leerkultuur tuis en met die ondersteuning vir die ontwikkeling van ouerlike vaardighede.
- Kommunikasie: Die ontwerp en benutting van effektiewe, duidelik-verstaanbare vorms en nuusbriewe vir skool-tot-huis-kommunikasie en vir huis-tot-skool-kommunikasie. Dit sluit die uitruil van inligting oor skoolprogramme en leerders se vordering in.
- Vrywilligheid: Die werwing en organisering van ouers vir vrywillige dienslewering aan die skool.
- Tuiswerk/studies: Hulp aan en die voorsiening van hulp aan families oor hoe hulle hulle leerders tuis kan ondersteun met tuiswerk. Opvoeders moet aangemoedig word om tuiswerkopdragte so te ontwerp dat leerders dit met hul families kan deel.
- Besluitneming: Die vind van maniere om ouers in te sluit by die skool se besluitnemingsprosesse. Die behels die ontwikkeling van ouerleiers en verteenwoordigers sodat hulle in staat is om deel te neem aan die bestuur van die skool en leierskapsposisies kan vervul.
- Samewerking met die gemeenskap: Bronne en dienste waarby families, studente en die skool betrokke kan wees tot voordeel van leerderopvoeding, moet geïdentifiseer en geïntegreer word met die oog op samewerking tussen die skool en die gemeenskap. Voorbeelde van sulke bronne en dienste is besighede, agentskappe, kulturele en burgerlike organisasies asook universiteite en kolleges en ander gemeenskapsgroepe.

Om bogenoemde tipes ouerbetrokkenheid in werking te kan stel, moet die skool vennootskapprogramme reël wat al ses tipes insluit, bv. werkwinkels vir ouers om samewerking te bevorder, ouer-onderwyser-leerder-konferensies en interaktiewe tuiswerk. Dit gaan baie uitdagings vereis om die verskillende tipes ouerbetrokkenheid en tweerigtingkommunikasie tussen opvoeders en ouers so te bewerkstellig dat alle inligting met betrekking tot die ondersteuning van leerders beskikbaar gestel word. Elke skool se program sal anders wees aangesien elke skool sy eie spesifieke doelwit het om die behoeftes van hul ouers en gemeenskappe te akkommodeer.

In hierdie navorsingstudie word slegs op drie tipes ouerbetrokkenheid gefokus, nl. kommunikasie, ouerskap en tuiswerk/studies. Hierdie drie tipes ouerbetrokkenheid het

direk betrekking op my navorsingstudie. Die ander drie is nie realisties ten opsigte van die ouers wat deelgeneem het aan die studie nie.

### *Kommunikasie*

Grobler (2002: 14, soos in Puth, 2002) argumenteer as volg: *Communication is the glue that binds various elements, co-ordinates activities, allows people to work together and produce results*. Gevolglik is ek van mening dat kommunikasie-strategieë waardevol is om ouers, skool en gemeenskap te verenig in hul ideaal om ouerbetrokkenheid te bevorder. Dit lei ook tot die bevordering van tweerigtingkommunikasie wat dit moontlik maak om informasie te versprei wat reaksie en opinies uitlok. Doeltreffende kommunikasie dra by tot deelnemende besluitnemingsprosesse met verskeie voordele. Eerstens noodsaak dit skoolhoofde om met alle betrokkenes te konsulteer; sodoende word almal se mening in berekening gebring. Voorts verenig dit alle deelnemers en bevorder die gemeenskaplike doelwit van die skool as organisasie. Dit bevorder ook sukses wat skoolhoofde sal aanspoor om verdere ouerbetrokkenheid aan te moedig.

Puth (2002: 4) beskryf kommunikasie as *...the lifeblood of organisational leadership*. Verder verklaar Puth (1994: 34) dat die deelnemers aan 'n organisasie, in dié geval die ouers van 'n skool, gesien moet word as *it's most important audience*. Indien skoolhoofde faal om ouers as belangrike skakels in die bestuur van hul skole te erken, sal hulle ook faal om ouers van die belangrikheid van ouerbetrokkenheid te oortuig. Verhoudingskommunikasie tussen die skool en die gesinne kan bepaal hoe die skool en gesinne binne 'n vennootskap funksioneer. Positiewe verhoudingskommunikasie behoort 'n gesonde klimaat van ouerbetrokkenheid te bevorder. Daarteenoor kan negatiewe gevoelens as gevolg van 'n gebrek aan kommunikasie wantroue tussen die betrokke partye laat ontstaan. Negatiewe gevoelens tussen die skool en gesinne sal daartoe lei dat alle pogings om ouerbetrokkenheid te bevorder skipbreuk lei (Puth, 2002).

Gesonde verhoudingskommunikasie hou die voordeel in dat dit die deelnemers se aandag op die onderwerp rig. Dit bevorder vertroue, respek en samewerking, want dit is gebaseer op openhartigheid, eerlikheid en opregtheid (Puth, 2002).

Volgens Hargie (2004: 231) dra verhoudingskommunikasie by tot probleemoplossing binne 'n organisasie soos 'n skool. Die deelnemers aan so 'n probleemoplossingsessie se aandag moet op die doelwit/onderwerp gefokus word op grond van die verduideliking van die huidige probleem. Die gevare en nadele moet uitgelig word sowel as die belangrikheid om veranderinge te weeg te bring. Moontlike oplossings vir die probleem moet aan die deelnemers voorgestel word en die meganismes wat gebruik gaan word om die probleem op te los moet uitgewys word. Daar moet geleentheid gegee word aan die deelnemers om insette en voorstelle te lewer en daarna kan voorstelle ten opsigte van die nodige veranderinge gegee word. As daar veranderinge voorgestel word, moet elke deelnemer homself/haarself verbind om die voorstel uit te voer.

### *Ouerskap*

Die kind word vir sewe ure per dag aan die skool toevertrou, maar dit is nie genoeg nie. Opvoeding is 'n deurlopende, aanhoudende proses en ouers moet die opvoeding by die huis, formeel of informeel, voortsit. Ouers word in die huidige bedeling selfs wetlik verplig om betrokke te raak by hul kinders se opvoeding. Nie alle ouers beskik oor die geletterdheidsvermoë om hul kinders te ondersteun nie. Ouers wat self nie kan lees en skryf nie en werkloos is, voel veral magteloos om hul kinders met hul tuiswerk te help.

Ouers hoef egter nie geletterd te wees om hul ouerbetrokkenheid uit te leef nie. Ouers kan betrokke wees deur 'n rustige atmosfeer vir leerders tuis skep. Ouers kan leerders aanmoedig om 'n vaste roetine tuis te volg, soos tyd vir slaap, was, eet, ontspan, en studeer. Ouers kan hul kinders bewus maak van die voordele wat skoolgaan vir die leerders se latere lewe inhou. Ouers kan leerders deur informele geselsies help om voordelige en verantwoordelike besluite te neem. Die belangrikheid dat ouers se gesindheid en ingesteldheid ten opsigte van hul kinders se opvoeding altyddeur positief moet wees, moet beklemtoon word. Kinders reageer onbewustelik op die voorbeelde van hul ouers.

### *Tuiswerk/studies*

Die skool behoort ouers te ondersteun deur hulle aan te moedig om betrokke te raak by hul kinders se skoolopvoeding. Volgens Epstein (1995) kan die skool bydra tot ouerbetrokkenheid deur inligting te verskaf oor aan ouers oor hoe hulle leerders tuis met skoolwerk/studies, kurrikulumverwante aktiwiteite, besluitneming en beplanning kan ondersteun.

Ouers moet hulle kinders prys en aanmoedig en hulle met hulle take help. So kan ouers daartoe bydra dat hul kinders 'n goeie selfbeeld ontwikkel. Ouers kan reëls en roetines in hul huise instel, soos om toe te sien dat leerders hul tuiswerk doen. Verder kan ouers tye vir ontspanning en vasgestelde etenstye bepaal en sorg dat dit toegepas word.

Leerders moet aangemoedig word om inligting oor die skool met hulle ouers te deel en ouers moet met belangstelling daarna luister. Ouers kan aan leerders vra wat het hulle die betrokke dag by die skool gedoen het en wat hulle geleer het.

Ouers moet kinders aanmoedig om vir hulle voor te lees en moet, indien moontlik, self vir die kinders voorlees. Nadat die ouer 'n gedeelte geles het, kan die leerder self verder lees. Hulle kan ook aan hul ouers vertel wat hulle geles het.

Ouers moet die kinders biblioteek toe neem en sorg dat daar koerante of tydskrifte in die huis is. Hulle kan saam met die leerders dele uit koerante of biblioteekboeke lees. So kan ouers by leerders die gewoonte om te lees aankweek.

Die skool moet ouers voorsien van informasie betreffende tuiswerkbeleide en hoe om tuiswerk/studies tuis te monitor.



Ten slotte is dit belangrik om kennis te neem daarvan dat enige strategie om ouerbetrokkenheid te verbeter net suksesvol kan wees as dit ooreenstem met die ouers se behoeftes. Daarom is dit belangrik om te weet wie die kind se ouers is, en wat hulle lewensomstandighede is. Soveel strategieë as moontlik moet gebruik word om ouers by die skool te betrek (Van Wyk & Lemmer, 2004: 148).

Daar is steeds onsekerheid oor waarom ouers nog nie genoegsaam betrokke is by hul kinders se opvoeding nie. Navorsers (Smit & Liebenberg, 2003) noem 'n aantal struikelblokke wat ouers ondervind.

Ouers voer aan dat opvoeders uit voeling is met die realiteite van 'n sub-ekonomiese lewenswyse. Ouers en kinders wil met respek en empatie behandel word en verlang emosionele ondersteuning van die opvoeders. Magsverhoudings heers spesifiek in sub-ekonomiese gemeenskappe, veral waar die ongeletterdheidsvlakke hoog is.

Die behandeling wat ouers en kinders van die skool kry, stuur 'n boodskap uit dat die ouers niks beter is as die arm omgewing waarin hulle woon nie. Dit moedig lae morele vlakke en gebrekkige inisiatief by ouers aan. Ouers ervaar die skoolstelsel as intimiderend en ontoeganklik en huldig die mening dat hulle bemagtig wil word, maar dat hulle nie altyd die geleentheid daarvoor kry nie.

Smit en Liebenberg (2003) het ook bevind dat ouers graag betrokke wil wees en dat skole wel in 'n posisie is om die graad van ouerbetrokkenheid te verhoog. Om dit te kan doen, sal skole egter eers die struikelblokke wat tans voorkom, moet identifiseer en verwyder.

## **2.3 DIE FAMILIE AS VENNOOT IN DIE KIND SE SKOOLOPVOEDING**

### **2.3.1. Funkzionering van die familie (sosialisering)**

Teoretici sien die familie as die leerders se primêre bron van ondersteuning tydens die vroeë ontwikkeling van die kind. Families het 'n deurlopende invloed op kinders se ontwikkeling. Harris (1998, soos in Meece en Daniëls, 2008) argumenteer dat mense met gelyke status die grootste sosialiseringsfors voorsien in kinders se persoonlike ontwikkeling. Pinker (2002, soos in Meece en Daniëls, 2008) wys op die belangrike rol van genetiese invloed op die sielkundige ontwikkeling van die kind. Volgens Parke en Buriel (1998: 463, soos in Meece en Daniëls, 2008) het families, veral in die vroeë ontwikkelingsfases van die kind, die grootste invloed op sy/haar sosialiseringsproses.

Vir eeue reeds is die familie gesien as dié sosiale eenheid wie se primêre verantwoordelikheid dit is om die kind voor te berei om 'n produktiewe en kompeterende lid van die gemeenskap te word. Hierdie proses staan bekend as *sosialisering* en behels die gereedkry van kinders om gepas te kan optree binne in die vereistes van die

sosiale groep of groepe waarvan hulle deel vorm (Maccoby, 1992: 1006, soos in Meece en Daniëls, 2008).

Hierdie navorsers is van mening dat doeltreffende funksionering die kognitiewe en gedragswapens is wat individue in staat stel om afwykende gedrag te voorkom, om by te dra tot hul eie en die familie se huishoudelike ondersteuning, om goeie verhoudings met ander te vorm en te handhaaf en om in staat te wees om eendag self kinders te kan grootmaak.

Ouers word beskou as invloedryk omdat hulle vorm en konstruksie gee aan die kind se omgewing. Gedragkenners Watson en Skinner (soos in Meece en Daniëls, 2008), sien die vroeë jare in kinders se lewens as die vernaamste tydperk vir die vorming van basiese emosionele en gedragspatrone. Kinderontwikkelingsteoretici beskryf familie-interaksies as deel van 'n hoogs komplekse sisteem (Bronfenbrenner & Morris, 1998; Bugental & Goodnow, 1998; Cox & Paley, 1997; Sameroff, 1994). Vanuit 'n sistemiese perspektief gesien, is dit die ouers wat hul kinders vorm, maar kinders kan ook hul ouers beïnvloed (Meece & Daniëls, 2008).


### 2.3.2 Die familie as 'n sisteem

Families se geloof, mites, stories en rituele skep 'n geskiedenis en tradisie binne-in 'n familie en bevorder die dag-tot-dag-interaksies van familielede. Sekere familiesisteme openbaar egter die tendens om veranderinge teen te staan wat op sy beurt tot negatiewe interaksiepatrone lei (Katz & Gottman, 1997, soos in Meece en Daniëls, 2008). Die gedrag van een familielid mag die gedrag van die hele familie beïnvloed (Hauser-Cram, Warfield, Shonkoff & Krauss, 2001).

Vanuit 'n sisteemperspektief is die familie as 'n groot sosiale sisteem bestaande uit onder andere uit bure, gemeenskappe en kulture. Hierdie sisteme kan die interaksies binne families affekteer (Kelly, Power & Wimbush, 1992). Verskillende kulture en sub-kulture se verwagtinge ten opsigte van kinderontwikkeling verskil van mekaar, wat 'n invloed kan uitoefen op die manier waarop kinders en ouers binne die familie interaktief met mekaar verkeer.

### 2.3.3 Variëteite in familiestrukture

Daar bestaan verskillende ander familiestrukture behalwe die familiestruktuur van 'n pa, ma, broer, suster en kind. Steeds meer kinders leef in enkel-ouer-huishoudings. In sommige gevalle vervul 'n ouer broer of suster ook die rol van 'n ma of 'n pa. Ander kinders wissel baie van huis en vorm so tydens hulle grootwordjare deel van 'n verskeidenheid familiestrukture. Bronfenbrenner (1979, 1986) en Bronfenbrenner en Morris (1998) stel dit dat kinders wat deel vorm van veelvuldige sosiale sisteme se ontwikkeling word daardeur beïnvloed.

**Fig. 2.1 Bronfenbrenner (1979) se Ekologiese Model**

(Bron: Meece & Daniëls, 2008: 448)

Volgens Bronfenbrenner (1979) se ekologiese model is die kind se onmiddellike omgewing sy familie, sy gelykes en die skool. Verdere elemente wat ook 'n invloed het op die kind is sy ouers se werksplek, sy uitgebreide familie, omgewing, kerk en gemeenskap asook die massamedia. Die makrosisteem verteenwoordig kulturele waardes, ideologieë, wette, politiek en sosiale welsyn.

Die begrip *familie* het oor tyd verander van 'n enkelvoudige fokus op ouereffekte na 'n komplekse sisteem van interaksie en prosesse wat op verskillende vlakke funksioneer. Kinders reageer nie net op 'n spesifieke ouer se gedrag nie, maar ook op die omgewing, die verhouding tussen ouer en kind en 'n hele verskeidenheid ander faktore (Bronfenbrenner, 1979).

#### 2.3.4 Families met beide ouers

Volgens die US Census Bureau (2004) is daar bewys dat kinders in gesinne waar beide ouers aanwesig is, meer daaglikse interaksie, soos saam eet en saam lees, het. Hulle is beter af in terme van materiële welvaart as diegene wat by ongetroude ouers woon. Familieaktiwiteite soos saam eet, saam aktiwiteite aanpak en saam lees word geassosieer met positiewe uitkomst vir die kinders. Baie aspekte van kinders se lewens kan meer of minder geaffekteer word na gelang die aantal ouers waarby die kind woon en hulle huwelikstatus. Die ondersteuningsisteme wat beskikbaar is en die kwaliteit van die verhoudings, eerder as dié van ouers se huwelikstatus alleen, het ook 'n positiewe invloed op die kinders. Kinders se verhouding met vaders en moeders beïnvloed hulle welvaart, want sowel die moeders as vaders speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van hul kinders. Kinders se welvaart word bevorder wanneer hul ouers gesonde, gelukkige verhoudings binne hulle eie ondersteunende sosiale netwerke en omgewings handhaaf (Cox & Harter, 2003, soos in Meece & Daniëls, 2008).

### 2.3.5 Enkelouer-families

Enkelouerskap ontstaan as gevolg van verskeie redes, waarvan egskeidings die grootste gedeelte uitmaak. Sommige ouers is enkel in die praktyk as gevolg van die ander ouer wat nie deel vorm van die huishouding nie, bv. as gevolg van werksituasies of gevangenisstraf. 'n Groot aantal vrouens is ook enkelouers as gevolg daarvan dat hul kinders buite die huwelik gebore is. Die verskillende soorte enkelouerfamilies het 'n andersoortige effek op hulle onderlinge verhouding en op die uitkomst van kinderonwikkeling. Enkel ouers ervaar heelwat probleme met hul rol as enkel ouers, soos geldelike probleme en oormatige verantwoordelikhede. Dit lei tot hoë vlakke van armoede, lae opvoedkundige vlakke en stres.

Enkelouerskap kan verwys na enkel moeders of enkel vaders. Enkel moeders se grootste probleem is dat hulle gewoonlik onvoldoende inkomste het. Vrouens ontvang gewoonlik laer salarisse as mans, het dikwels 'n laer vlak van opvoeding en onderontwikkelde werksvaardighede in vergelyking met mans (McLanahan & Sandefur, 1994, soos in Meece en Daniëls, 2008). Enkel moeders moet verder ook hul tyd verdeel tussen hulle werk en die opvoeding van die kinders. Dit kan weer lei tot 'n verswakking in ouerskap (Mc Loyd, 1998, soos in Meece en Daniëls, 2008). Die gevolge van enkelmoederskap is dat moeders geldelike hulp en hulp uit die gemeenskap nodig het.

Enkel vaders word gedurende die laaste aantal jare veel meer aangetref as voorheen omdat daar 'n tendens bestaan dat al hoe meer enkel vaders beheer oor hul kinders kry (US Census Bureau, 2004). Enkel vaders dra 'n te groot verantwoordelikheid. Hulle kry nie finansiële toelaes soos in die geval van enkel moeders nie. In Suid-Afrika kan moeders/vaders wetlik verplig word om onderhoud aan vaders/moeders te betaal, afhangende van in wie se toesig die kinders geplaas is (Child Care Act 74 of 1983). Werksbevordering van enkel vaders word dikwels negatief beïnvloed op grond van sy baie verantwoordelikhede as enkel ouer. Oortyd werk of die aanvaarding van 'n bevorderingpos is dikwels 'n probleem vir enkel vaders omdat dit meer van hul tyd en groter betrokkenheid by die werk gaan vereis.

Die ouderdom en geslag van 'n kind speel 'n rol in die ouerskap van enkel vaders. Enkel vaders is meer toeganklik vir ouer kinders, terwyl enkel moeders meer dikwels verkies om die babas en kleuters groot te maak omdat dit meer aandag aan liggaamlike behoeftes vereis. Enkel vaders verkies dit ook om seuns groot te maak eerder as meisies omdat hulle hul eie ouerskapvermoëns betwyfel ten opsigte van die korrekte leiding aan meisies, veral met betrekking tot seksualiteit (Greif, 1985, soos in Meece & Daniëls, 2008).

### 2.3.6 Grootouers

Meer en meer kinders word deur hul oupa en ouma of ander familieledede grootgemaak (Children Defense Fund, 2004). In Suid-Afrika kan oumas en oupas ook as wettige ouers gesien word (Child Care Act 74 of 1983). Ouma en oupa word omgee-ouers as

gevolg van verskeie redes, bv. 'n ouer wat nie in 'n posisie is om die kind te versorg nie. Redes hiervoor is dood, gevangenisstraf, is self nog 'n kind (tiener) of verwaarlosing. In sommige gevalle dra kindersmishandeling, verstandelike gestremdheid van ouers, misbruik deur volwassenes of tienermoeders daartoe by dat ouma en oupa (grootouers) intree as omgee-ouers vir hul kleinkinders. In baie gevalle is dit informele ooreenkomste en nie wettige pleegsorg nie. Dit het weer ander struikelblokke tot gevolg, veral as grootouers hulp soek vir die kinders.

Die Child Care Act 74 of 1983: 5 bepaal dat: *If the parents are incapable of supporting the children but the grandparent/s is, grandparents on both sides of legitimate children are obliged to support their grandchildren.*

### 2.3.7 Ander familiestrukture

Kinders woon dikwels ook in ander familiestrukture soos by ooms, tantes, susters, broers of pleegouers. Na hierdie familiestrukture word as *Kinship care or grandfamilies* verwys. Dit behels formele en informele ooreenkomste in gevalle waar kinders se wettige ouers onbevoeg is om hul kinders groot te maak. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die uitwerking van verskillende familiestrukture op kinders afhang van gemeenskapsbronne. Die skool behoort en kan 'n belangrike rol speel om hierdie soort familieverhoudings te verstewig.

Die manier waarop die leerder se familie saamgestel is, bepaal dus onder andere tot watter mate 'n bepaalde gesin/familie betrokke is by die kinders se skole. Skoolbeheerrade en skoolhoofde behoort dit in gedagte te hou as hulle die strategieë bepaal om ouers meer betrokke te kry by die skool.

## 2.4 DIE WAARDE VAN OUERBETROKKENHEID

Ouers is die leerders se eerste informele opvoeders. Hulle het 'n aansienlike impak op die kinders se ontwikkelingsvermoëns vanaf hulle geboorte tot in hul laat adolessensie. Opvoeders is bewus daarvan dat hulle vennootskappe moet bou met ouers om die behoeftes van die kind beter te verstaan en aan te spreek.

### 2.4.1 Waarde van ouerbetrokkenheid vir kind en ouers

Epstein (1995) is van mening dat die hoofrede vir ouerbetrokkenheid / vennootskappe is om te verseker dat alle leerders op skool en in hulle lewens sukses behaal.

Die kind, sowel as die ouer, kan baie daarby baat indien die ouer effektief betrokke is by sy kind se skool. Hoadley, Christie en Ward (2009: 384) beweer dat in alle skole waar ouers aktief betrokke is by leerderopvoeding, daar 'n verbetering plaasvind in leerders se prestasies/uitslae. Hierin speel die ouers se materiële welsyn geen rol nie.

Ouerbetrokkenheid bied die volgende voordele vir kind en ouers:

Leerders ervaar 'n groot mate van sekuriteit, vertroue en stabiliteit as hul ouers betrokke is, terwyl die ouers wat betrokke is, eerstehandse kennis kry oor wat in die skool gebeur. Dit gee hulle die vrymoedigheid om met hul kinders se opvoeders te kommunikeer, onder andere oor die kinders se vordering en wat daaraan gedoen kan word. Hulle kan selfs voorstelle maak wat hulle kinders se prestasies sal verbeter omdat hulle 'n totaliteitsbeeld van die kinders het.

Sowel die ouers as die kinders is trots daarop as die kinders goed presteer. Hulle ervaar gedeelde trots, asook 'n positiewe, gesonde verhouding teenoor mekaar en kommunikeer maklik met mekaar.

Ouers wat met die opvoeder saamwerk om leerders se doelwitte te help bereik asook diegene wat hul kinders 'n uitstekende opvoeding gee se kans op sukses in die lewe word verseker deurdat leerders se selfvertroue toeneem en gevolglik ook hulle prestasies. Dit laat leerders weer beter vaar op skool en daarna. Daarmee saam verbeter die ouers se ouerskapvermoëns ook.

#### 2.4.2 Waarde van ouerbetrokkenheid vir skool en gemeenskap

Redding, Langdon, Meyer & Sheley (2004) argumenteer dat kwaliteite soos verhoudings wat op wedersydse vertroue en respek gebaseer is tot hoër leerderprestasies lei. Hierdie soort verhouding ontwikkel tydens samesprekings tussen ouers en die skool en waardevolle informasie oor die leerder kan terselfdertyd uitgeruil word. Die gevolg van sulke samesprekings is onder andere dat die ouers en die skool mekaar se omstandighede beter verstaan, dat ouers ingelig kan word oor leerders se vordering en hoe hulle leerders met tuiswerk-opdragte kan help. 'n Verdere voordeel is dat leerderbekwaamheid kan verbeter asook die samewerking tussen die ouers en skool in dié opsig dat ouers praktiese hulp kan aanbied aan die skool en personeel, terwyl die skool weer oopgestel kan word vir die gemeenskap. Daardeur bevestig die ouers nie alleen die belangrikheid en die waarde van hulle kinders se opvoeding en die rol van die skool daarin nie, maar ook hulle eie verantwoordelikheid daarin en die wete dat die skool die ouers se belange sal beskerm en omgekeerd.

#### 2.4.3 Waarde van ouerbetrokkenheid vir opvoeders

'n Goeie verhouding tussen opvoeder en ouer bevorder hulle samewerking met betrekking tot die kind se opvoeding, wat op sy beurt die onderwyser se opvoedingstaak vergemaklik. Hy/sy voel ook goed as leerders se prestasies verbeter en dit lei tot trots en selftevredenheid. Onderwysers se moraal word ook verhoog met die gevolg dat hulle bereid is om die ekstra myl te loop.

Ten opsigte van die leerders sal opvoeders hulle gedrag en optrede beter begryp en weet hoe om sensitief teenoor hulle op te tree. Hulle kry ook 'n beter begrip van

leerders se kultuur, agtergrond, behoeftes en sterk punte. Verder begryp hulle die stres wat 'n invloed op leerderprestasie het en kan hulle hulp aan die leerder bied.

Die samewerking tussen leerders, ouers en opvoeder kan leerders help om hulle ideale te bereik en gee die opvoeders insig in die ideale wat ouers vir hulle kinders koester.

## **2.5 MOONTLIKE MANIERE OM OUERS BETROKKE TE KRY**

Vir hierdie studie is drie van Epstein (1995) se ses tipes van ouerbetrokkenheid as riglyn gebruik (sien 2.2.4) om ouerbetrokkenheid te vestig. Onderstaande is ander moontlike maniere om ouers nog meer betrokke te kry.

Om beter kommunikasie tussen die huis en die skool te verseker moet opvoeders na die kinders se gemeenskappe gaan. Baie ouers het nie telefone nie en kan nie lees nie, gevolglik is dit moeilik vir die skool om deur middel van telefoonoproepe en briefwisseling effektief met ouers te kommunikeer. Soms gee kinders ook nie korrespondensie vanaf die skool aan hul ouers nie. 'n Beleid kan vasgestel word oor hoe gereeld sulke besoeke moet plaasvind. Besoeke kan in groepverband plaasvind deur groepies ouers by 'n gemeenskaplike plek bymekaar te trek of opvoeders kan huisbesoek doen by die ouers wat nie by die skool opdaag nie. Indien daar ouers is met telefone kan die ouers geskakel word en leerders se vordering met hulle bespreek word.

Dis skool kan werksessies oor ouerskap reël om ouers te bemagtig oor wat hul rol as ouers behels. Die skool kan inligting voorsien oor kurrikulumverwante aktiwiteite, besluitneming en beplanning. Veral emosionele ondersteuning kan aan ouers gebied word en opvoeders kan inligting verskaf oor gemeenskapbronne waar ouers kan aanklop vir hulp.

Opvoeders behoort ouers te voorsien van informasie oor tuiswerkbeleide en hoe om die tuiswerk te monitor. Indien ouerbemagtig genoeg is om leerders te ondersteun met tuiswerk/studies dra dit daartoe by dat leerders goed vorder en dat die opvoeders in die skool kan spog met leerders se gedrag en prestasies en goeie vordering. So word leerders se selfbeeld verhoog en ouers is trots daarop.

## **2.6 SAMEVATTING**

Ten spyte van die nuwe wetgewing, beleidsdokumente en al die navorsing oor ouerbetrokkenheid, is daar nog ouers wat nie die voordele van ouerbetrokkenheid besef nie. Dis hierdie ouers wat nie maklik by die skool betrokke raak nie. Dit is een van die redes waarom sommige skole nog nie daarin slaag om kwaliteitsonderrig aan te bied

nie. Die gaping tussen die huis en skool is nog groot. Dit was die motivering vir hierdie navorsingstudie.

In Hoofstuk 3 word breedvoerig gefokus op die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gebruik is.



## HOOFSTUK 3

### NAVORSINGSMETODOLOGIE EN METODE VAN ONDERSOEK

#### 3.1 INLEIDING

In Hoofstuk 2 is 'n omvattende literatuuroorsig aangebied wat as basis vir die empiriese ondersoek gedien het. Dié teoretiese fundering handel veral oor *ouerbetrokkenheid* en maak dit moontlik om die studie in perspektief te plaas.

In hierdie hoofstuk word die navorsingsmetodologie (sien 1.12) volledig bespreek.

Gebaseer op die siening van verskeie navorsers (Taylor & Bogdan, 1984; Jones 1985: 43; Hunt & Eadie, 1987: 10; Fontana & Frey, 1994: 361) blyk dit dat 'n kwalitatiewe navorsingsmetode die mees geskikte strategie is om die navorsingsprobleem in hierdie studie aan te spreek, aangesien dit oor in-diepte-navorsing oor 'n onderwerp gaan.

Gevolglik word daar in hierdie hoofstuk eerstens gefokus op wat kwalitatiewe navorsing is en die metode wat in die empiriese ondersoek gebruik is. Die voordele en nadele van onderhoude om data te genereer word ook bespreek.

#### 3.2 KWALITATIEWE NAVORSINGSMETODE

Maxwell (2005: 3) is van mening dat kwalitatiewe navorsing uit die volgende vyf komponente bestaan:

- Die navorsingsvraag
- Die doelwit
- Konseptuele raamwerk
- Navorsingsmetode en
- Egtheid.

Hy redeneer dat die raamwerk interaktief en sistematies is. Verder voer Maxwell aan dat die navorsingsontwerp 'n aaneenlopende proses is wat heen-en-weer-aksies tussen die verskillende komponente tot gevolg het. Ter ondersteuning beweer Wright (in Maxwell, 2005: 3) dat die navorsingsraamwerk nie net die gebruik van die verskillende komponente behels nie, maar dat die komponente ook moet inskakel by die omgewing waarin dit gebruik word (sien 1.13). Gevolglik het daar tydens die navorsingsproses deurlopende evaluering (heen-en-weer-aksies) plaasgevind om seker te maak dat navorsingsdoel bereik is.

Maxwell (2005: 5) se navorsingsplan het die voordeel dat die navorser die betekenis van gebeure, situasies en ondervinding sal begryp; sal verstaan hoe die inhoud, gebeure, aksies en betekenis gevorm word in die unieke omstandighede waarin dit plaasvind; onverwagte verskynsels geïdentifiseer en hulle invloed vasgestel kan word; nuwe teorieë geskep sal kan word ; die proses van gebeure en aksies begryp sal word en daaglikse verduidelikings sal kan ontwikkel oor die gebeure soos wat dit in sosiale verband plaasvind.

### 3.2.1 'n Interaktiewe navorsingsraamwerk

Maxwell (2005) is van mening dat dit belangrik is vir 'n navorser om die gepaste navorsingsraamwerk te gebruik om die egtheid en geldigheid van die navorsing te verseker. Gevolglik word Maxwell se raamwerk, soos voorgestel in Figuur 3.1, vir hierdie studie gebruik.

**Fig. 3.1 'n Interaktiewe navorsingsraamwerk**



### 3.2.2 Die navorsingsvraag

Die navorsingsvraag vorm die middelpunt van die navorsingsbeplanning en hou direk verband met alle ander komponente van die navorsing. Light, Singer en Willet (1990) verklaar die navorsingsvraag verteenwoordig die beginpunt en primêre aanduiding van die beplanning. Die navorsingsmetode en konseptuele raamwerk moet die navorsingsvrae aanspreek.

Navorsers hier en wêreldwyd beklemtoon die waarde van ouerbetrokkenheid in leerders se opvoeding. Gevolglik wil die navorser graag deur die navorsing vasstel of en tot watter mate 'n bepaalde doelgroep ouers, soos wat SASA (1996) vereis, betrokke is by hul kinders se opvoeding.

Die navorsingsvraag vir hierdie studie is: *Wat is die rol en die aard van ouerbetrokkenheid by leerderopvoeding in voorheen-benadeelde primêre plattelandse staatskole, m.a.w. is hulle betrokke en hoe betrokke is hulle?*

Die volgende vrae vorm subvrae van die hoofvraag:

- Wat wil ek presies te wete kom deur middel van die studie?

Die navorser wil graag te wete kom watter tipe betrokkenheid verwag kan word van arm, semi-geskoolde ouers, wat soms totaal ongeletterd is, ten opsigte van hul kinders se opvoeding. Dit sluit hulle begrip van die term *ouerbetrokkenheid* in. Verder wil die navorser ook vasstel hoe ouers die skool sien en wat hulle van die skool verwag ten opsigte van dit wat die skool bied.

- Wat weet ek nie van die studie nie en wat wil ek uitvind?

Die navorser wil probeer uitvind of daar enige inligting is oor die navorsingsonderwerp waarvan die navorser nie bewus is nie. Verder wil die navorser graag uitvind of ouers die voordele van ouerbetrokkenheid verstaan en waarom hulle nie betrokke is nie.

- Watter vrae beoog ek om deur middel van my navorsing te wil beantwoord en hoe skakel die vrae by mekaar aan?

Die navorser wil vasstel of semi-geskoolde, soms totaal ongeletterde ouers betrokke is by hul kinders se opvoeding. Verder wil die navorser ook uitvind of die bepalinge oor ouerbetrokkenheid soos opgeneem in SASA (1996) in voorheen-benadeelde plattelandse primêre staatskole toegepas word.

### 3.2.3 Doelwit

Hammersley (1992: 85) is van mening dat navorsers in hul beplanning asook hul assessering van die navorsing, die belangrikheid en waardevolheid van die navorsing in aanmerking moet neem. Die doelwitte van die navorsing is belangrike komponente omdat dit aandui wat met die navorsing bereik moet word.

Volgens Hammersley (1992: 28) het die doelwit van navorsing twee funksies. Dit lei die navorser deur ander raamwerkbesluite om te verseker dat die navorsing die moeite

werd is en dat die navorsing waardevol is. Die doelwit is ook belangrik om die navorsing te regverdig, vir befondsingsdoeleindes of as deel van die navorsingsvoorstel.

Verder argumenteer Hammersley (1992: 28) dat die doelwit vorm gee aan die beskrywing, interpretasies en teorieë rondom die navorsing. Die doelwit help bepaal wat die belangrike bronne is wat geraadpleeg moet word vir die beplanning, uitvoering en redelikheid van die navorsing.

Die doelwit vir hierdie studie (sien 1.6) is om:

- die aard en omvang van ouerbetrokkenheid in voorheen-benadeelde primêre plattelandse staatskole te ondersoek.
- die faktore wat daartoe bydra dat ouers in voorheen-benadeelde primêre plattelandse staatskole min of geen betrokkenheid in hul kinders se opvoeding toon nie, te ondersoek en te interpreteer.
- Vas te stel of veral ongeskoolde, semi-geskoolde, arm en werklose ouers die magte en verantwoordelikhede waarvoor hulle op grond van (SASA (1996) beskik, verstaan en benut.

### 3.2.4 Konseptuele raamwerk

Die konseptuele raamwerk (sien 1.7 vir 'n volledige beskrywing) is 'n konsep of 'n model wat die navorser se beplanning verteenwoordig. Dit bevat ook die navorser se denke oor wat aangaan met die probleem en hoekom dit 'n tentatiewe teoretiese model verteenwoordig van die probleem wat ondersoek word. Die teorie help met die beplanning van die navorsing en om die doelwit te assesseer en te verfyn. Verder dra dit by om 'n gepaste navorsingsvraag te ontwikkel en die navorsingsmetode te kies.

Die navorsingsprobleem wat in hierdie studie ondersoek word, gaan juis oor die feit dat ouers se betrokkenheid problematies is vir effektiewe onderrig en leer. Dit is 'n internasionale tendens, maar word ook nie in Suid-Afrika aangetref nie ten spyte van wetgewing (SASA, 1996) wat ouers verplig om betrokke te wees by hulle kinders se skool.

Hierdie studie se konseptuele raamwerk (sien 1.7) is gebaseer op die vraag wat die navorser dink gebeur met die probleme, omgewing en mense wat betrokke is by die studie.

Die navorser is van mening is dat die deelnemende ouers nog nie werklik die beginsel van demokrasie besef nie. Hulle is nie werklik bemagtig genoeg om te weet en te verstaan wat die beginsels van SASA (1996) presies beteken en behels nie. Juis omdat ouers ongeletterd, semi-geskool en dikwels glad nie kan lees of geskrewe taal verstaan nie, laat hulle die opvoeding van hul kinders geheel en al in die hande van die skool.

Ouers verstaan nie regtig dat hulle 'n gedeelde vennootskap met die skool van hul kinders moet sluit nie. Ouers sien nog steeds die skool as die enigste verantwoordelike komponent in hul kinders se opvoeding en wil hulle nie daarby inmeng nie. Die resultate van hierdie studie moet dus hierdie konsep aanspreek en die hantering van die probleem voorstel.

Die navorsingsvraag en doelwit sal binne konteks geplaas word deur die navorsingsvraag en aan die hand van vorige navorsingsbevindinge. In die literatuuroorsig (sien Hoofstuk 2) is relevante studies bespreek en is daarop gewys dat in skole waar ouers en die skool vennootskappe vorm, die opvoedingsproses sodanig is dat leerders se prestasies verbeter en leerders se selfvertroue toeneem. Die verwagting is dat hierdie studie daartoe sal lei dat faktore en maniere gevind sal word wat die huidige toestande van deelnemende ouers en hulle kinders se skole kan verander en verbeter.

### 3.2.5 Kwalitatiewe navorsingsmetode

In hierdie studie is 'n kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik. Kwalitatiewe navorsing behels die generering van data wat ge-analiseer word om tendense ten opsigte van die gestelde probleem te probeer vasstel. 'n Spesifieke metode vir data-insameling word nie vir die eindresultate voorgeskryf nie.

Die navorsinginstrument wat in hierdie navorsingstudie gebruik is, is semi-gestruktureerde onderhoude wat die navorser met die gekose deelnemers gevoer het. Die navorser se waarneming speel hierby ook 'n belangrike rol om data te genereer.

Taylor en Bogdan (1984) is van mening dat kwalitatiewe onderhoude besonder plooibaar en dinamies is. Hulle som die kenmerke van kwalitatiewe navorsing op as nie-voorskriftelik, ongestruktureerd en ongestandaardiseerd, maar met 'n redelike oop agenda. Semi-gestruktureerde onderhoude is veral geskik vir hierdie studie omdat die deelnemers ongeletterd en semi-geskool is.

Rabionet (2011: 563, soos in Maxwell, 2005) verwys na kwalitatiewe onderhoude as 'n buigsame metode wat gebruik word om die stem en die wyse waarop mense betekenis gee aan hul ervarings vas te lê.

Semi-gestruktureerde onderhoude het ook nadele. Van die nadele is dat die deelnemers tydens die onderhoude van die onderwerp kan afdwaal. Gevolglik moet die navorser oor die nodige vaardighede beskik om so 'n situasie sensitief te kan hanteer. Punch (2005: 40, soos in Maxwell, 2005) dui op nog 'n nadeel, nl. die tydsduur van die onderhoud en die praktiese gevolge daaraan verbonde.

Die onderhoude vir hierdie studie is individueel gevoer. Dit het die geleentheid geskep om dieper te delf na die probleem, want indien ander deelnemers teenwoordig sou wees, sou die deelnemers moontlik nie hulle eerlike opinies gegee het nie. Vandaar dat

individuele onderhoude verkies is in plaas van fokusgroepe. Die individuele onderhoude het die deelnemers meer op hul gemak laat voel omdat daar niemand anders teenwoordig was wat hulle optrede en opinies kon beïnvloed het nie.

Die volgende vrae het die beplanning van die onderhoude gerig.

*Wat gaan ek doen om die navorsing uit te voer?*

Die navorsing is by 5 skole gedoen. Twee gewillige ouers van elke skool is geselekteer. Daar is met elke ouer 'n onderhoud gevoer (sien 4.3.2). Die skool het die ouers wat gekwalifiseer het se name en adresse verskaf.

Die kriteria vir die deelname was: Ouers is so gekies dat hulle die verskillende familiestrukture (sien 2.3.3) verteenwoordig het; dat hulle nie betrokke is by hulle kinders se opvoeding nie en dat hulle nooit by die skool opdaag nie.

Verder is sosiale omstandighede en die geletterdheidsvlakke van die ouers in ag geneem. Voorkeur is gegee aan ouers met kinders het in graad 7. Daar is ook gekyk na die leerders se huidige akademiese prestasies (goed of swak) en of hulle deelneem aan ander aktiwiteite in die skool.

*Hoe gaan ek 'n goeie verhouding met die deelnemers bewerkstellig?*

Dit is belangrik dat daar 'n verhouding van vertroue tussen die deelnemers en die navorser moet wees. Voor die onderhoude gevoer is, het die navorser 'n voorafgesprek met die deelnemers gereël om kennis te maak en enige probleme of vrae uit die weg geruim is..

Die onderhoude is nie by die skool gevoer nie, maar by die deelnemers se huise. Dit is gedoen om vertroulikheid te verseker. Aangesien die onderhoud opgeneem is, is dit op 'n stil, rustige tyd gevoer om te verseker dat daar nie enige onderbrekings, steurnisse of inmenging was nie.

### 3.2.6 Egtheid van die navorsing

Phillips en Burbeles (2000: 5-10, soos in Maxwell, 2005) verklaar dat egtheid (sien 1.13) 'n doelwit is eerder as 'n produk. Dit is nie iets wat bewys word of vanselfsprekend aanvaar kan word nie. Egtheid word beoordeel in verhouding tot die doel en omstandighede van die navorsing. Aspekte soos hieronder aangetoon, is in aanmerking geneem om egtheid te verseker.

Daar bestaan altyd die moontlikheid dat die navorser die deelnemers se response verkeerd kan interpreteer en verkeerd kan aanhaal. Om hierdie moontlikheid uit te

skakel en om die egtheid van die navorsing te verseker, is alle data wat tydens die onderhoude opgeneem is, getranskribeer.

'n Ander aspek waarmee die navorser rekening hou, is alternatiewe interpretasies. Die navorser moet objektief bly en die vrae duidelik stel om te verseker dat die korrekte interpretasie gemaak word.

Die onderhoude is versigtig beplan en geïmplementeer. Die deelnemers se identiteit is geheim gehou. Die navorser het hulle laat verstaan dat hulle deelname vrywillig was en vertroulik hanteer sou word. Tydens die onderhoude het die navorser objektief gebly, geen deelnemer se response bevraagteken nie en die deelnemers ook nie geforseer om response te verskaf wat die navorser graag sou wou hoor nie. Die deelnemers moes besef dat die onderhoude nie gevoer is om hulle te veroordeel of hulle te assesser nie (Kvale & Nielsen, 1997).

Guba (1998: 348-351) het beklemtoon dat die kriteria vir egtheid, naamlik sigwaarde, toepaslikheid, konsekwentheid en objektiwiteit op grond van die filosofiese en konseptuele verskille tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsontwerpe, verskillend gedefinieer word. By hierdie kriteria is gehou.

### **3.3 DIE DOEL VAN KWALITATIEWE NAVORSING**

Maxwell (2005: 16) het bevind dat 'n navorser gemotiveer word deur 'n persoonlike doelwit, 'n praktiese doelwit en 'n intellektuele doelwit. Vir hierdie studie is genoemde doelwitte soos volg:

#### **3.3.1 Persoonlike doelwit**

Hoekom is ouers nie betrokke by hul kinders se opvoeding nie?

Hierdie doelwit verwys na dit wat die navorser motiveer om die navorsing te doen en wat beïnvloed word deur die navorser se eie waardes en identiteit.

#### **3.3.2 Praktiese doelwit**

Hoekom is die studie belangrik?

Dit kan daartoe bydra dat die situasies moontlik kan verander of om 'n doelwit te bereik, behoeftes aan te spreek asook beleide of wette te ontleed.

#### **3.3.3 Intellektuele doelwit**

Wat is aan gebeur met die probleem?

Om die probleem te verstaan, insig te kry oor wat aangaan en hoekom dit gebeur of om vroe te probeer beantwoord wat vorige navorsers nie aangespreek het nie.

### **3.4 DIE NAVORSINGSDEELNEMERS**

Die navorsing is met behulp van ouers uit vyf primêre plattelandse staatskole (sien 1.9. en 1.10) gedoen. Hierdie skole se leerders kom hoofsaaklik uit dominant bruin gemeenskappe. Die skole se aantal ingeskrewe leerders wissel tussen 750 en 1300 leerders. Die voertaal van al die skole is Afrikaans met Engels as eerste addisionele taal.

Die skoolgemeenskappe is behoeftig en die ouers is grotendeels afhanklik van staatspensioene vir hulle bestaan. Al die ouers is ongekwalifiseerd en is werksaam as huishulpe, fabriekswerkers of is ongeskoolde arbeiders of pensioentrekkers. 'n Hoë persentasie van die ouers is werkloos. 'n Munisipale behuisingskema bied huisvesting aan van die gesinne, maar 'n aantal van die gesinne is van informele behuising afhanklik.

Toestemming om hierdie vyf skole se ouers te kon gebruik is van die WKOD ontvang. Die navorsingsdeelnemers moes aan al die gestelde kriteria (sien 1.9.2 en 1.9.3) van die studie voldoen, hulle moes bereid wees om deel te neem aan die onderhoude en om insette te lewer sodat hulle insette 'n bydrae kon maak in die beantwoording van die navorsingsvraag en kon help om die navorsingsdoelwit te bereik.

Die deelnemers (twee ouers van elke skool) is die groep ouers wat gekies is uit die groter groep graad sewe-ouers in die vyf skole wat aan die navorsing deelgeneem het. Die navorser het besluit op ouers wat leerders in graad sewe het omdat die ouers reeds geruime tyd deur hulle kinders verbonde is aan die skool en 'n beter bydrae tot die navorsing kon lewer. Hierdie ouers het nie deel gevorm van die amptelike strukture van die skool nie of het nooit opgedaag by ouervergaderings, skoolfunksies, besprekings oor leerders se vordering, sportaktiwiteite of kulturele aktiwiteite nie.

Die navorser het die skool gevra vir die name en adresse van ouers wat in bogenoemde kategorie geval het en ook aan die volgende kriteria voldoen het: ongeletterde ouers, werklose ouers, semi-geskoolde ouers, of ouers wie se kinders onderpresteer. Verder moes daar 'n variasie van ouers wees, bv. enkelouers, pa of ma, grootouers, of gesinsouers, 'n ma en 'n pa en so meer.

Indien daar meer as een persoon in dieselfde kategorie geval het, is steekproeftrekking (sien 1.9.3) toegepas deur te let op ouderdom, hoeveel kinders in die skool is, die area waarin die deelnemers woon, die ouderdom van die deelnemers en die vlak van ouerskap asook hoe die leerders in die skool presteer.

Die kriteria en seleksie van die deelnemers het 'n verteenwoordigende groep deelnemers tot gevolg gehad, soos blyk uit die tabel hieronder.



**Tabel 3.1 Samestelling van die navorsingsgroep**

| <b>Skool</b> | <b>Geslag</b>                              | <b>Verband met leerder</b>   |
|--------------|--|--|
| 1. Skool A   | <i>twee<br/>albei vroulik</i>              | <i>1 grootouer (ouma),<br/>1 biologiese enkel ma</i>   |
| 2. Skool B   | <i>twee<br/>een vroulik<br/>een manlik</i> | <i>1 pleegouer (tante),<br/>1 biologiese enkel vader</i>   |
| 3. Skool C   | <i>twee<br/>een vroulik<br/>een manlik</i> | <i>1 pleegouer (vriendin),<br/>1 grootouer (oupa)</i>  |
| 4. Skool D   | <i>twee<br/>een vroulik<br/>een manlik</i> | <i>1 biologiese ouer (ma),<br/>1 biologiese ouer (pa)<br/>LW pa onttrek net voor<br/>onderhoud begin</i> |
| 5. Skool E   | <i>twee vroulik</i>                        | <i>1 biologiese enkel ma,<br/>1 aanneemma</i>  |

### 3.5 DIE NAVORSINGSINSTRUMENT: DIE ONDERHOUDE

Die navorsingsinstrument was semi-gestruktureerde onderhoude (sien 3.2.5) wat op onderstaande vyf oop vrae gebaseer was.

- Hoe is u betrokke by u kind? Stel u belang in en help u die kind met enige skoolwerk of aktiwiteite?
- Wat verstaan u onder betrokkenheid by kinders se opvoeding? Is u betrokke by u kind se opvoeding? (Laat hulle uitbrei waarom hulle wel of nie betrokke is nie.)
- Dink u dit sal enigsins tot u kind se voordeel strek as u betrokke raak by u kind se skoolopvoeding?
- Hoe sou u graag wou hê die skool moet u help om betrokke (of meer betrokke) te raak by u kind se opvoeding?
- Skep die skool genoeg geleentheid vir u om betrokke by te raak? Maak u daarvan gebruik? Hoekom maak u daarvan gebruik of Hoekom maak u nie daarvan gebruik nie?

Die onderhoude was informeel en is in Afrikaans of Engels (volgens die deelnemers se voorkeur) gevoer. Die navorsingsproses het bestaan uit drie fases, nl. 'n voorafvergadering met die deelnemers om die doel en werkswyse van die onderhoude te verduidelik, daarna die onderhoude self en ten slotte 'n terugvoersessie om die verwerkte data met die deelnemers te verifieer.

Die onderhoude is op band opgeneem. Voor die onderhoude begin het, is die deelnemers eers op hul gemak gestel en is die proses van onderhoudvoering aan hulle verduidelik. Daar is terselfdertyd ook observasie gedoen om enige emosies vas te stel. Na afloop van die onderhoud is die deelnemers die geleentheid gegee om vrae te vra om enige onsekerhede uit te klaar. Hulle is ook gevra hoe hulle die onderhoud ervaar het.

Die tyd en plek van die onderhoude is sorgvuldig in samewerking met die deelnemers gekies. Daar is byvoorbeeld in ag geneem of die ouers werk, of hulle moeg is na werk en of hulle eers wil eet. Ook is daar gesamentlik besluit op die plek waar die onderhoude gevoer is sodat absolute vertroulikheid en 'n steurnisvrye onderhoud sonder onderbrekings verseker kon word. Verder is gesamentlik besluit oor hoe die betroubaarheid en vertroulikheid van die onderhoud verseker kon word. Die volgende is toegepas: Onderhoude het in 'n rustige atmosfeer sonder steurnisse plaasgevind met slegs die navorser en die deelnemer teenwoordig; onderhoude is op band opgeneem en die deelnemers kon toegang tot die inligting kry.

Daar is vooraf op die tydsduur van die onderhoude besluit en daarby is gehou. Alle deelnemers is op dieselfde manier behandel. Vervoerreëlings, indien nodig, na die plek van die onderhoude is getref.

Die skole is in alfabetiese orde genader sonder enige prioriteit om objektiwiteit te verseker. Daarna is elke groep ouers wat gekwalifiseer het om aan die navorsing deel te neem ook in alfabetiese orde volgens vanne genader. Verder het die navorser eers al die onderhoude van een skool afgehandel voordat die volgende skool betrek is. Die motivering hiervoor was dat elke skool uniek is en dus as unieke identiteit behandel moes word. Op hierdie manier is 'n vermenging van die data wat voorkom. Deelnemers uit verskillende skole se identiteit is ook nie bekend gemaak nie. Dit het die voordeel ingehou dat elke skool se deelname eiesoortig was. 'n Skriftelike verklaring in verband met die vertroulike hantering van die vrae is deur elke deelnemer onderteken om te verseker dat deelnemers nie die navorsingsvrae met ander bespreek nie. So is werklike eerlike antwoorde verkry.

### **3.6 ETIESE KWESSIES**

Hierdie studie gaan oor mensgerigte navorsing, m.a.w. mense is gebruik om die verlangde inligting te verskaf.

Leedy en Ormrod (2005: 102) is van mening dat etiese kwessies tydens navorsing in vier kategorieë verdeel kan word: Beskerming teen aanvalle; ingeligtheid oor die gebeure; die reg op privaatheid; en eerlikheid teenoor deelnemers.

Die proses om etiese goedkeuring vir die navorsing te kry het eerstens bestaan uit die voltooiing van die voorgeskrewe vorms wat van die navorser se studieleier, prof. Jan Heystek, ontvang is. Daarna is die voorlegging saam met die onderhoudskedule en die onderhoudsvrae en 'n aansoek om toestemming vir mensgerigte navorsing aan die Wes-Kaapse Departement van Onderwys en aan die Fakulteit Opvoedkunde voorgelê. Toestemming is verleen om die navorsing te doen (sien Bylae D). Vervolgens is toestemming vir die navorsing verkry by die institusionele beheer en bestuur van die onderwyskringe waarin die skole geleë is. Daarna is toestemming gevra en gekry by die vyf primêre plattelandse, voorheen-benadeelde staatskole wat geïdentifiseer is. Ten slotte is al die vorms en voorlegging aan my studieleier gestuur vir voorlegging aan die Universiteit van Stellenbosch se Etiekkomitee. Dit is ook goedgekeur (sien Bylae C).

'n Skriftelike ooreenkoms tussen die navorser en die deelnemers is opgestel waarin ooreengekom word dat vertroulikheid gehandhaaf sou word. Skriftelike ooreenkomste is ook aangegaan met die skole en die Onderwysdepartement oor die vertroulikheid van die navorsing. Die deelnemers se reg op privaatheid is te alle tye beskerm.

Die deelnemers en die skool is tydens voorafgaande onderhoude verseker dat alles tydens die onderhoude vertroulik sou wees. Deelnemers se anonimiteit is gewaarborg (sien 1.13) en die skole se name is nie openbaar gemaak nie. Deelnemers kon te eniger tyd aan die studie onttrek, wat een deelnemer ook gedoen het. Deelnemers kon 'n kopie kry van die verwerkte data om te verseker dat die inligting korrek weergegee is en kon op aanvraag 'n afskrif kry van die finale navorsingsvoorstel (sien 1.13).

### **3.7 BEPERKINGE**

Marshall en Rossman (2006: 42) noem dat daar beperkinge ten opsigte van alle navorsing is. Die navorser was bewus daarvan dat daar beperkinge (sien 1.9) was wat die navorsingsresultate kon beïnvloed het. Aangesien die ouers meestal ongeletterd is, was hulle moontlik huiwerig om deel te neem. Die tye waarop die onderhoude gevoer sou word, moes inpas by die ouers se skedules.

Die tydsraamwerk moes ook aangepas en verander word tydens die navorsingsproses. Ouers wat waardevolle bydraes sou kon lewer, het waarskynlik nie deelgeneem aan die studie nie. Dit kon die uitkomst van die studie moontlik beïnvloed het. Die navorser het egter gepoog om die beste verteenwoordiging van deelnemers te kry om die verwagte navorsingsdoelwit en uitkomst te bereik (sien 1.9).

### **3.8 SAMEVATTING**

In dié hoofstuk is die navorsingsmetodologie en metode van navorsing bespreek en beredeneer. Die doel van die navorsing, die keuse van die ouers wat aan die navorsings deelgeneem het en die benutting van onderhoude as navorsingsinstrument is bespreek. Die waarde van 'n kwalitatiewe navorsingsmetode en waarom daar juis van 'n kwalitatiewe navorsingsmetode vir hierdie studie gebruik gemaak is, is ook beklemtoon.

In Hoofstuk 4 word die navorsingsresultate van die studie uiteengesit.

## HOOFSTUK 4

### NAVORSINGSRESULTATE

#### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word bespreek hoe die data geanaliseer is. Die resultate van die analisering van die data word volledig uiteengesit. Die data is gegenereer deur die onderhoude wat as instrument gebruik is tydens die kwalitatiewe navorsing wat gedoen is om die navorsingsprobleem (sien 1.2) deeglik en betroubaar aan te spreek.

Die gebruik van 'n onderhoud as 'n metode van navorsing is nie ongewoon nie omdat onderhoude 'n gesprek is met 'n struktuur en 'n doel. Dit behels die uitruil van gedagtes oor die navorsingsprobleem en bestaan uit 'n spesifieke vraag-en-antwoordbenadering waardeur daar op 'n versigtige manier probeer word om deeglike, getoetste inligting van die deelnemers aan die ondersoek te genereer (Kvale, 2006).

#### 4.2 DIE VERLOOP VAN DIE NAVORSING

Die studie het bestaan uit mensgerigte navorsing (sien 3.2) wat beskrywend van aard is en gekarakteriseer word deur die verkryging van persoonlike en sosiale inligting direk van die deelnemers. Die data is met behulp van semi-gestruktureerde onderhoude met die navorsingsgroep gegenereer.

Daar is op 'n kwalitatiewe navorsingsmetode (sien 3.2) besluit. Die literatuuroorsig (sien Hoofstuk 2) wat oor *ouerbetrokkenheid* handel, het daarop gedui dat hierdie soort navorsing die beste metode is om die navorsingsvrae (sien 1.3 en 1.4) te beantwoord en die navorsingsprobleem (sien 1.2) op te los.

Die prosedure het daaruit bestaan dat die nodige toestemming van die verskillende owerhede eers verkry is en daar vervolgens semi-gestruktureerde onderhoude met die ondersoekgroep, wat volgens bepaalde kriteria (sien 3.5) gekies is, gevoer is. Die onderhoude is op band opgeneem, getranskribeer en daarna is die data-analise gedoen. Die resultate van die data-analise word in hierdie hoofstuk bespreek.

Vir die data-analise is 'n erkende kwalitatiewe ontledingsmetode (tematisering) gebruik. Elke vraag is eers afsonderlik hanteer. Daar is gesoek na konneksies/ooreenkomste tussen die antwoorde van die verskillende deelnemers op dieselfde vraag. Waar deelnemers unieke antwoorde verskaf het, is dit so opgeteken. Daar is ook vasgestel hoe die deelnemers die vrae geïnterpreteer het om te bepaal of hulle die vrae begryp het. Kernwoorde in elke antwoord (sien 4.6) is opgeteken om die groepering en interpretasie te vergemaklik.

Die antwoorde op alle vrae gesamentlik is ook tematies ontleed om 'n geheelbeeld van die ondersoekgroep se menings, ervarings en behoeftes te probeer verkry.

### **4.3 RESULTATE VAN DIE DATA-ANALISE PER VRAAG**

Die data-analise is per vraag sowel as vir die volledige onderhoude gedoen. Slegs enkele verteenwoordigende resultate per vraag word in hierdie paragraaf aangebied, terwyl die volledige resultate per vraag in 'n bylae (sien Bylae B) opgeteken is.

#### **Vraag 1**

##### **Ouers se persepsie van betrokke verskil**

Die deelnemers het die woord *betrokke* almal verskillend verstaan. Dit is duidelik dat elke deelnemer betrokke is by hul kinders, maar dat elkeen *betrokke* wees op 'n ander manier ervaar. In my opinie verwar die deelnemers betrokke met plig. Betrokke kan gesien word as meer ernstig, gemoeid wees met die kind (sien 1.11.3). Hulle het die vraag ook nie goed verstaan nie.

Die volgende response dui op die deelnemers se uiteenlopende interpretasie van *betrokkenheid*:

*Ek praat met hulle oor verkeerde dinge, as ek nou, ek het nou gevind het van hulle het gerook en so aan, toe praat ek met hulle en sê, dit gaan hulle siek maak en hulle skoolwerk. Ek moedig hulle aan om te leer en ek hou daarvan, hulle moet Sondagskool loop (Deelnemer 2 van skool C).*

*Meen juffrou nou met die wat, wat hy by my is? (Deelnemer 1 van skool A).*

*Ek koop vir hom klere en gee vir hom kos. Ek kyk na hom laat hy skool toe gaan en ek kyk laat hy leer. My seun kom help, leer-leer Leon, maar hy vat so swaar 'n bietjie, ek weet nie wat met hom aangaan nie; nie van hom, van hulle af nie (Deelnemer 1 van skool A).*

#### **Vraag 2**

##### **Ouers is nie werklik betrokke by die skolastiese opvoeding van hulle kinders nie.**

Weer eens het die deelnemers *betrokkenheid* in leerderopvoeding nie regtig verstaan nie. Hulle verstaan *betrokkenheid* as 'n manier om die kinders in te lig oor wat aanvaarbaar en nie aanvaarbaar is nie in die samelewing. Nie een van die deelnemers het enige handeling of daad wat werklike deelname vereis, genoem nie (sien 1.11.3). Geeneen het genoem dat hulle by byeenkomste deelneem aan besprekings of betrokke is by insette ter bevordering van leerders se opvoeding nie. Hulle is ook nie betrokke by vrywillige aktiwiteite of diensbaar op enige komitee van die skool of by enige

fondsinsamelingsprojekte nie. Niemand het verwys na *betrokkenheid* by enige vennootskap in die skool of gemeenskapsinisiatiewe nie. Dit is duidelik dat deelnemers die begrip *betrokkenheid* in leerderopvoeding nie verstaan nie, of nie weet wat van hulle verwag word nie of glad nie weet wat *betrokkenheid* veronderstel is om te wees nie. Die volgende aanhalings ondersteun dié stelling.

*Ek verstaan nie...Lag. Verduidelik maar gou weer.* (Navorser verduidelik weer). Lang stilte

*Ek leer hom in... ek weet nie wat om te sê nie...* (Navorser verduidelik weer)

*Hoe kan ek dan nou nie dink nie.* Lang stilte *Kan ons nie maar weer terug kom na daai vraag toe?* (Deelnemer 1 van skool A).

*Nee, ek sal vir hom sê moet nie verkeerde paaie loop nie, kom vroeg huis toe en so aan.*

*Juffrou, hoe kan ek nou sê? Ag, dit is maar so, jy sien maar en as hy vir jou iets .... praat maar en verduidelik maar en sê, dit moet so en so wees en so aan.*

*Ek leer hom, ek hou hom uit die straat uit en ek praat met hom oor die verkeerde goed. Ek neem hom kerk toe, laat hy kan voel hy kom uit 'n huis, want hy gaan elke Sondag saam met my kerk toe en dan kom ons terug, dan los ek hulle nou, dan roep ek hulle die aand en sê kom ons gaan nou weer 'n gebed doen, laat ons kan gaan rus* (Deelnemer 2 van skool C).

### **Vraag 3**

#### **Ouers besef nie die noodsaaklikheid van ouerbetrokkenheid nie.**

Oor hierdie vraag was al die deelnemers dit eens dat as hulle betrokke raak by hul kinders se opvoeding, hul kinders daarby sal baat. Nogtans kon nie een van die deelnemers verduidelik wat hulle dink watter voordeel hul kinders daaruit sal trek nie. Die navorser is weer eens van die opinie dat ouers ook nie hierdie vraag kon beantwoord nie omdat hulle nie die begrip *betrokkenheid* verstaan het nie. Dit is ook duidelik dat skole nie 'n bydra lewer om ouers te bemagtig sodat ouers die begrip *ouerbetrokkenheid* kan verstaan nie. Ook in hierdie geval bevestig die aanhalings bogenoemde.

*Ja, dit sal iets van waarde wees, want 'n mens wil maar net die beste vir jou kinders gee* (Deelnemer 2 van skool A).

*Ja, dit sal... Dit sal baie help as ek betrokke is by haar dat sy ook daar kan uitkom, want ek het nie daar uitgekome nie waar sy nou moet uitkom nie om verder te gaan studeer nie, ek het nie daai voordeel gehad nie* (Deelnemer 1 van skool B).

#### **Vraag 4**

**Maniere/voorbeelde van hoe ouers graag sou wou hê die skool moet hulle ondersteun om betrokke (of meer betrokke) te raak by hulle kinders se opvoeding.**

Al die deelnemers het aangedui dat hulle graag hulp van die skool sou wou hê en dat hulle dit sal waardeer as die skool hulle kan help met die kinders se opvoeding. Aangesien ouers self nie 'n goeie skoolkwalifikasie het nie en nie bemagtig is nie, plaas hulle die verantwoordelikheid vir ekstra hulp vir hul kinders op die skool. Dit het egter duidelik geblyk dat die skool geen hulp aan ouers bied in hierdie opsig nie. Daar is ook geen ouerbemagtiging van die skool se kant af nie. Gevolglik voel deelnemers dat die skool verantwoordelik is om maniere te vind om leerders ekstra ondersteuning te gee.

Die volgende mededelings illustreer die begeerte van ouers dat die skool hulle moet help met betrokkenheid.

*My help, laat hy kan gaan leer, vir hulle lesse gee, sien juffrou. Of namiddae klasse laat hy kan aangaan. 'n Mens kan sien, hy wil graag aangaan, maar hy's toe. Ek weet nie wat om vir juffrou te sê nie. Kyk, hulle sê mos 'n vrou wat drink, baie gedrink het, en sy's swanger, daai kind is nie reg nie. So 'n kind is hy. Hy's vir my party dae dan is hy daar ver in sy gedagtes, dan sê ek, ek weet nie, dan praat die ander in die huis, maar hoe is die tjind, hy sit partykeer 'n mens net op een plek sit en aan kyk. Toe sê ek julle weet nie wat in daai ou gedagtetjie aangaan nie, ons kan hom nie lees nie (Deelnemer 1 van skool A).*

*Die skool kan enige bydrae lewer, want hulle moet my ook mos nou help met haar, hulle moet my ook help met waar sy vasdraai het ek al baie gesê, waar jy vasdraai by die skool gaan terug na die meester toe, die hoof of die onderwysers, jou klasonderwyser en vra raad, ek verstaan nie dit nie of ek verstaan nie dit nie (Deelnemer 1 van skool C).*

*Soos ek sê, dit is so en wanneer hulle vir ons ook maar moet aanmoedig is, om die dinge wat hulle met die kinders meedeel moet hulle met ons ook deel, verstaan, want dit baat nie hy kry net by die skool die opvoeding en by die huis kry hy nou weer 'n ander opvoeding, want dis twee verskillende opvoedinge wat hy nou moet maak, sien (Deelnemer 1 van skool E).*

#### **Vraag 5**

**Geleentede wat die skool aan ouers bied om betrokke te raak by die kind se opvoeding.**

Oor bogenoemde het al die deelnemers gesê dat die skool geleentede bied om betrokke te raak deurdat die skool briefies huis toe stuur en ouers nooit om 'n skoolvergadering te kom bywoon. Alhoewel die deelnemers ouervergaderings bywoon, lewer hulle nooit insette nie of neem hulle nie deel aan die besprekings oor skoolbeleide nie. Geleentede wat op skoolfondsinsamelings gemik is, word wel deur die ouers



bygewoon. Hulle gaan slegs om dit wat hulle gekoop het te gaan afhaal. Nie een van die deelnemers het al gehelp met die reëlings of organisering van 'n fondsinsamelingsprojek nie. Hulle voel hulle is betrokke as hulle 'n kaartjie koop. Van hulle het gesê dat die skool hulle al gevra het om te kom help met verkope, maar dat nog nie een so 'n uitnodiging aanvaar het nie as gevolg van werksverpligtinge. Nie een van die deelnemers het al uit hul eie na die skool gegaan om vrywillige hulp aan te bied of om op een of ander komitee te dien nie. Die enigste hulp wat deelnemers bereid is om te bied is om te help by die skoolvoedingskema.

Bewyse is:

*Funksies wat hulle miskien nou hou, ek is altyd daar of ouervergaderings ek is daar teenwoordig.* (Navorsers vra die volgende om dieper te delf of ouers by funksies help of net ondersteun?)

*Ondersteun* (Navorsers vra: Help u met byvoorbeeld uitskep?)

*Nee, tensy hulle my nie gaan vra nie.* (Navorsers :Het die skool u al gevra?)

*Nee, nog nie, ek is nou by die voedingskema besig, as hulle tekort is aan een dan gaan ek altyd in, dan phone hulle vir my om in te kom dan gaan ek uithelp by die voedingskema* (Deelnemer 2 van skool B).

*Ja, die kaartjies en dan moet die ouers nou iets gee ook by. 'n Donasie.*

*Dis nou 'n hoenderbraai of so.* (Navorsers: Het u al uit u eie na die skool gegaan om met die hoenderbraai te gaan help?)

*Nee, ek het nog nie self ingegaan nie om te gaan help nie.* (Navorsers: Kan u vir my sê hoekom u nie gaan nie; is daar 'n rede hoekom u nie self gaan nie?)

*Dan is ek nou in die werk of so aan* (Deelnemer 1 van skool D).

#### **4.4 ALGEMENE RESULTATE**

Daar is voorheen (sien 1.9.1) reeds verwys na moontlike beperkinge op die navorsing. Baie van hierdie beperkinge is tydens die onderhoudvoering ervaar. So was baie van die deelnemers nie baie spraaksam nie of kon geen in-diepte-antwoorde verskaf nie. Sommige het selfs net *ja* of *nee* op die vrae geantwoord. Ander het selfs geantwoord: *ek weet nie wat om te sê nie*. Dit wou voorkom asof hulle nie openlik wou erken dat hulle nie by hul kinders se opvoeding betrokke is nie of dat hulle nie die vraag begryp het nie.

Kernfrases wat tydens die data-analise as temas uitgeken is, is *sorg vir hom, stel belang, en help hom*. Hierdie antwoorde is gegroepeer om die frekwensie daarvan vas te stel. Antwoorde wat die meeste voorgekom het, is *Ek koop vir hom klere en gee vir hom kos; Ek praat met hom oor verkeerde dinge; Dat die skool my moet help met my kind se skoolwerk en ek wil graag hê my kind moet beter in die lewe bereik*.

Dit het ook duidelik geblyk dat al die deelnemers vir hul kinders die bes moontlike skoolopvoeding wil bied, maar dat hulle nie self hulle kinders kan ondersteun met tuiswerkopdragte nie omdat hulle half-geletterd en soms ongeskoold is. Gevolglik vra hulle ander familieledede wat hulle dink moontlik die kind kan ondersteun om te help. Alle deelnemers verlang ook hulp en ondersteuning van die skool en omdat hulle nie bemaatig genoeg is om self hulle kinders te ondersteun nie, sien hulle nog steeds die skool as die enigste verantwoordelike instansie vir die kinders se opvoeding.

Bogenoemde is 'n aanduiding daarvan dat ouers wat half-geletterd, soms ongeletterd, ongeskoold en arm is, nie bemaatig genoeg is om betrokke te raak by hul kinders se skoolopvoeding nie. Verder deelnemers aangedui dat hulle hulp en ondersteuning oor hoe om by hul kinders se opvoeding betrokke te raak van die skool verlang.

Die resultate kan soos volg saamgevat word:.

#### 4.4.1 Ouerskap

Alhoewel die deelnemers die verantwoordelikheid as *ouers* van die kinders aanvaar het, is hulle nie regtig betrokke by hulle kinders se opvoeding nie. Ouers weet wel wat hulle pligte as ouers is, maar nie wat die dieper verantwoordelikheid van *ouerskap* behels nie.

#### 4.4.2 Ouer

SASA gee 'n verduideliking van wie almal as 'n *ouer* kan optree. Die deelnemers is juis so geselekteer dat verskillende soorte *ouers* by die navorsing betrek is (sien 2.3.3).

#### 4.4.3 Betrokkenheid / deelname

Uit die navorsing is dit duidelik dat ouers die begrippe *betrokkenheid/deelname* nie regtig begryp nie. Geen ouer kon bewys lewer dat hy/sy ernstig gemoeid is met sy/haar kinders se opvoeding nie. Ook kon geen vorm van werklike *betrokkenheid/deelname* by leerderopvoeding gevind word nie (sien 4.7).

#### 4.4.4 Vennootskappe

*Vennootskappe* tussen die skool en die ouers impliseer dat die ouers en die skool gesamentlik verantwoordelikheid is vir kinders se opvoeding. Tydens die onderhoude het ouers laat blyk dat, alhoewel almal graag vir hulle kinders 'n goeie toekoms wil hê, hulle glo dat die skool alleen verantwoordelik is vir hulle kinders se opvoeding. Geen vorm van *vennootskap* kom in enigeen van die vyf skole voor nie.

### 4.5 SAMEVATTENDE RESULTATE

Nie een van die vyf skole wat aan die navorsing deelgeneem het, neem op hierdie stadium die leiding om ouerbetrokkenheid by leerderopvoeding te bevorder nie. Ten spyte daarvan dat ouers arm, semi-geskoold en soms totaal ongeletterd is, is daar by hulle die wens om deur die skool ondersteun te word wat betref ouerbemagtiging.

Dis verder duidelik dat die deelnemende skole tans geen inisiatiewe in plek het om ouers betrokke te kry nie. Die enigste uitsondering is die amptelike struktuur, nl. die skoolbeheerraad. Ouers is ook in hierdie stadium nog nie gereed om uit eie oortuiging betrokke te raak nie omdat hulle hulself nie bemagtig genoeg voel nie. Ouers is wel bereid om deel te wees van die skoolvoedingskema omdat betrokkenheid daarby nie 'n skoolkwalifikasie benodig nie en omdat ouers gemaklik voel in die situasie.

Ouers is nog nie daarvan bewus gemaak wat die bepalings van SASA (1996) ten opsigte van ouerbetrokkenheid behels nie. Gevolglik weet ouers nie dat hulle in hierdie verband 'n wetlike verpligting het teenoor hul kinders nie. Die skool besef nie die belangrikheid van die rol wat ouers in die opvoeding van hul leerders het nie en ook nie watter rol die betrokke ouers kan vervul om te kan bydra tot die ontwikkeling van 'n effektiewe skool nie. Indien die skool dit sou besef, sal hulle meer drastiese maatreëls ten opsigte van ouerbetrokkenheid in werking stel.

Ouers woon ouervergaderings by, maar is nie beskikbaar vir deelname aan besprekings in verband met die vooruitgang van die skool nie. Die feit dat ouers funksies ondersteun by wyse van 'n donasie of die koop van 'n braaivleiskaartjie word deur ouers gesien as betrokkenheid. Ouers besef dus nie dat ouerbetrokkenheid veel dieper is as net hul teenwoordigheid by die skool en hulle geldelike bydraes nie. Ouers besef dat die skool die kind opvoed, maar besef nie dat hulle, die ouers, medeverantwoordelik is vir die kind se opvoeding nie.

Skoolbeheerliggame is nog nie so ver ontwikkel dat hulle sou kon help om ander ouers te motiveer om betrokke te raak by hul kinders se opvoeding nie. Die mate van ouerbetrokkenheid by die opvoeding van hul kinders sal van skool tot skool verskil, aangesien dit afhang van hoe ouerbetrokkenheid in elke skool bestuur word.

Na aanleiding van die resultate (sien 4.4 en 4.5) van die kwalitatiewe navorsing maak ek die gevolgtrekking dat die verwagtinge van SASA, Wet 84 van 1996, met betrekking tot ouerbetrokkenheid by leerderopvoeding onrealisties is in dié opsig dat SASA (1996) geen ondersteuning aan ouers bied oor hoe om betrokke te raak by hulle kinders se opvoeding nie. Volgens Smit en Liebenberg (2003) is daar heelwat maatreëls wat aangewend kan word om ouers suksesvol betrokke te kry (sien 2.3.10). Ouers wat arm, semi-geskoold, werkloos en soms totaal ongeletterd is, kan wel gehelp word om betrokke te raak by hul kinders se opvoeding, maar dan moet die skool en die Onderwysdepartement die leiding neem om ouerbetrokkenheid by leerderopvoeding aan te moedig. Die uitdaging is nie die bekamping van die ouers se armoede, werkloosheid of ongeletterdheid nie, maar die uitdaging lê daarin om ouerbetrokkenheid suksesvol te bestuur.

#### **4.6 SAMEVATTING**

Die primêre doel van die navorsingstudie, naamlik om die aard en omvang van ouerbetrokkenheid in voorheen-benadeelde primêre plattelandse staatskole te ondersoek (sien 1.6) is in 'n mate bereik.

Die deelnemers het elkeen sy/haar eie persepsie en interpretasie van die woord *betrokke* probeer verwoord. Dit is ook duidelik dat die deelnemers hul ouerlike plig verwar met betrokkenheid en nie regtig verstaan wat ouerbetrokkenheid behels nie. Alle deelnemers wil graag vir hulle kinders die beste geleentheid bied om 'n goeie opvoeding te kry, maar hulle is nie akademies bemaagtig genoeg om hul kinders te ondersteun wat betref hulle skoolopvoeding nie, juis vanweë die feit dat sommige ongeletterd, arm, half-geskoold en werkloos is.

Die skole waar die deelnemers se kinders skoolgaan, bied ook geen geleentheid vir ouerbemaagtiging nie. Die enigste strukture waarby ouers bereidwillig is om in te skakel is ouervergaderings. Hulle word slegs bygewoon en insette word gelewer nie. 'n Ander vorm van deelname is die gee van donasies tydens funksies en die koop van 'n kaartjie tydens fondsinsamelings. Ouers skakel maklik in by die voedingskemas. Ouers het ook nog nie uit eie oortuiging na die skool gegaan om aan te bied om betrokke te raak nie.

In Hoofstuk 5 word daar gefokus op die bevindinge, gevolgtrekkings, aanbevelings en samevatting van hierdie navorsingstudie.

## HOOFSTUK 5

### BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGE, AANBEVELINGS EN SAMEVATTING

#### 5.1 INLEIDING

In Hoofstuk 1 (sien 1.8) is die waarde van enige navorsing oor die bevordering van ouerbetrokkenheid in leerderopvoeding verduidelik. Daar is ook verwys na die radikale veranderinge ten opsigte van die demokratisering in die opvoeding, soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 (sien 1.1). Nou word daar verwag dat ouers, die skool en die gemeenskap hande sal vat om die opvoeding van hul kinders te ontwikkel en te verbeter.

In die literatuuroorsig is na die waarde van ouerbetrokkenheid vir die ouers, die skool en gemeenskap bespreek. Daar is ook verwys (sien 2.4) na watter waarde ouerbetrokkenheid vir die leerders se vordering op skool asook hulle later lewe inhou en hoe dit kan bydra tot die ontwikkeling van goeie burgerskap, die fundering van ouerbetrokkenheid asook die verskillende variëteite in familiestrukture. Daar is ook verwys (sien 2.4.1) na die waarde wat die familie toevoeg as 'n vennoot in die opvoedingsproses van die kind. Ook is daar na antwoorde oor die redes hoekom ouers apaties staan ten opsigte van ouerbetrokkenheid gekyk. Daar is ook aangedui dat die waarde van vennootskappe tussen die skool en huis nie gering geskat moet word nie.

Belangrik is die feit dat alle betrokkenes by die opvoeding van die leerders, nl. ouers, leerders, die skool en die gemeenskap medeverantwoordelik is vir die opvoeding van die leerder in sy/haar totaliteit. Gevolglik sal daar vennootskappe gevorm moet word tussen al die genoemdes om kinders se sukses op skool te kan verseker.

Die noodsaaklikheid van ouerbetrokkenheid het die vraag laat ontstaan of daardie ouers, wat semi-geletterd, arm en soms totaal ongeletterd is, die nodige kennis en vaardighede besit om die bepaling oor ouerbetrokkenheid in leerderopvoeding, soos uiteengesit in die SASA (1996), te kan uitleef. In Hoofstuk 3 is die navorsingsmetodologie (sien 3.2.5) uiteengesit en redes is verskaf waarom die spesifieke navorsingsmetode geskik is vir hierdie navorsing. In Hoofstuk 4 is die navorsingsresultate bespreek en in hierdie hoofstuk word die bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings bespreek.

#### 5.2 BEVINDINGE

Die deelnemende ouers weet wat hulle ouerlike plig is, maar hulle het die begrip *betrokkenheid* glad nie verstaan nie. Ouers wil graag aan hul kinders die beste opvoeding verskaf, maar die ouers kan self nie veel ondersteuning bied met tuiswerkopdragte nie omdat hulle half-geletterd en soms ongeskoold is. Daar word dan

van familieledede, wat self ook nie oor 'n professionele kwalifikasie beskik nie, verwag om die leerders met hulle tuiswerk te help. Alle ouers wil baie graag hê hul kinders moet suksesvol wees in hul skoolopvoeding sodat hulle later groter hoogtes as hulle (die ouers) sal bereik. As dit kom by ouerlike pligte, weet die ouers wat van hulle verwag word, maar ten opsigte van die wil om betrokke te raak, gemoed te wees met, en 'n dieper belangstelling in die kinders se opvoeding te toon, is daar nog ernstige tekortkominge.

Geeneen van die ouers kon die begrip *betrokke* in diepte verduidelik nie; gevolglik kon daar nie bewys word of en hoe die ouers by hulle kinders se opvoeding betrokke is nie. Die implisiete afleiding is dat die deelnemende ouers nie intensief by hulle kinders se skoolopvoeding betrokke is nie. Ouers verstaan nie regtig hulle verantwoordelikheid, soos beskryf in die SASA (1996), nie of hulle is vanweë hulle gebrekkige opleiding nie in staat om *betrokke* te raak in hul kinders se opvoeding nie. Dit beteken dat alle vorme van *betrokke* wees, nl. ouerskap, kommunikasie, vrywilligheid, tuiswerk, besluitneming en samewerking met die gemeenskap (sien 2.2.4) nie aangetref word by hierdie ouers nie.

#### 5.2.1 Bevindinge betreffende ouerbetrokkenheid in leerderopvoeding

Alle ouers wat deelgeneem het aan die navorsingsproses is deeglik bewus van wat hul ouerlike pligte ten opsigte van hul kinders se opvoeding is, maar hulle begryp nie die begrippe *ouerbetrokkenheid* en *betrokke* by leerderopvoeding nie. Dit is kommerwekkend.

Daar is by alle ouers die ingesteldheid om vir kinders geleenthede te wil skep om hul skooltake by die huis te kan doen, maar al die ouers kan nie self hulle kinders help en ondersteun nie omdat hulle nie oor die kennis, vaardighede of kwalifikasies beskik nie. Gevolglik is hulle sterk aangewese op die hulp van andere in dié verband. Hulle moedig hulle kinders aan, maar voel nog steeds dat die skool die enigste verantwoordelike party is wat betref die leerders se opvoeding. Hulle verwag almal dat die opvoeders die kinders na skool moet hou vir ondersteuning met take. Geeneen van die ouers besef dat die opvoeding van hul kinders 'n gedeelde verantwoordelikheid tussen die ouerhuis en die skool is nie.

Sowel die mans as die vrouens verkies om nie uit eie vrye oortuiging betrokke te raak by hul kinders se skoolaktiwiteite nie. 'n Paar van die werklose enkel ma's het wel aangedui dat hulle soms help by die skool se voedingsprogram. Alhoewel grootouers 'n bydrae aan die skool gee in die vorm van 'n donasie of die koop van 'n kaartjie, is hulle nie beskikbaar om leiding in skoolaktiwiteite te neem nie.

Ouers het wel aangedui dat hulle hulp ten opsigte van wat hulle rol by leerderopvoeding is, sal verwelkom. Hulle het dan ook aangedui dat hulle graag wil hê dat die skool hulp in dié verband moet bied.

Al die mans plaas die verantwoordelikheid van hulle kinders se opvoeding op hul vrouens of hul ma's se skouers. Hulle voer hul werksverpligtinge aan as die rede hiervoor.

Dit is verder duidelik dat ouers wat arm, werkloos, semi-geletterd en soms totaal ongeletterd is, nie bemagtig voel om betrokke te wil raak by hul kinders se opvoeding nie. Hulle lewer ook nie insette of neem ook nie deel aan besluitnemingsprosesse nie. Hulle gaan net na die skool toe as hulle versoek word om dit te doen.

### 5.2.2 Bevindinge betreffende geleenthede vir ouers om betrokke te raak by leerderopvoeding

Ouerbetrokkenheid is nie iets wat vanself gebeur nie. Epstein (2001: 16) het bevind dat 'n beleid vir ouerbetrokkenheid nodig is en dat die praktyke van die skool en opvoeders sodanig moet wees dat dit ouerbetrokkenheid by die skool en tuis moontlik maak.

Hierdie navorsing toon dat ouers nie weet wat van hulle verwag word ten opsigte van ouerbetrokkenheid nie. Ouers moet ingelig wees oor die bestaan al dan nie van 'n beleid oor ouerbetrokkenheid in hulle kinders se skool. Verder is bevind dat die skole nie enige vorm van die bestuur ten opsigte van ouerbetrokkenheid het nie. Die enigste vorm van ouerbetrokkenheid is die amptelike struktuur, nl. die skoolbeheerliggaam. Daar is ook bevind dat die skool die ouers na die skool nooit vir vergaderings en die bespreking van leerders se vordering, maar dat die skool nog nie ouers betrek het by opleidingsessies oor hoe ouers hul kinders tuis kan ondersteun met tuiswerk nie.

### 5.2.3 Bevindinge betreffende die bepalinge van SASA, Wet 84 van 1996

Die betrokke skole het nog geen ouerbemagtigingsessies oor die bepalinge van SASA (1996) en die Nasionale Kurrikulumverklaring gereël nie. Ouers word dus nie aangemoedig om hulle rol as *betrokke* by leerderopvoeding te verstaan en toe te pas nie. Dit impliseer dat die bepalinge van SASA (1996) in die deelnemende skole nie realiseer nie.

## 5.3 GEVOLGTREKKINGE

Die gevolgtrekkings waartoe gekom word na aanleiding van die literatuurstudie (sien Hoofstuk 2) en die kwalitatiewe navorsingsbevindinge (sien Hoofstuk 4) word hieronder kortliks bespreek.

Die betrokke skole neem nie in hierdie stadium die leiding om ouerbetrokkenheid by leerderopvoeding te bevorder nie. Ten spyte daarvan dat ouers arm, half-geskool en soms totaal ongeletterd is, is daar by hulle die wens om deur die skool ondersteun te word wat betref hulle bemagtiging ten opsigte van ouerbetrokkenheid. Dis verder duidelik dat die skole tans ook geen inisiatiewe in plek het waardeur ouers betrokke sou kon raak nie. Die enigste uitsondering is die amptelike strukture, die skoolbeheerraad.

Ouers is in hierdie stadium nog nie gereed om uit eie oortuiging betrokke te raak nie omdat hulle hulself nie bemagtig genoeg voel nie. Ouers is wel bereid om deel te wees van die skool se voedingskema wat nie 'n skoolkwalifikasie vereis nie. Ouers se aandag is ook nog nie daarop gevestig wat die SASA (1996) van hulle as ouers verwag nie. Gevolglik weet ouers nie dat hulle 'n wetlike plig teenoor hul kinders het om betrokke te raak by hul skoolopvoeding nie.

Die skole besef ook nie die belangrike rol wat ouers het in die opvoeding van hul leerders en die ontwikkeling van 'n effektiewe skool nie. Sou die skool dit besef, sal hulle meer drastiese maatreëls ten opsigte van ouerbetrokkenheid in werking stel.

Skoolbeheerliggame is nog nie so ver ontwikkel dat hulle kan help om ander ouers te motiveer om betrokke te raak by hul kinders se opvoeding nie. Die mate van ouerbetrokkenheid by die opvoeding van die kinders sal van skool tot skool verskil, afhangende van hoe ouerbetrokkenheid in elke skool bestuur word. Volgens Smit en Liebenberg (2003) is daar heelwat maatreëls wat getref kan word om ouers suksesvol betrokke te kry.

My gevolgtrekking is dus dat ouers wat arm, semi-geletterd, werkloos en soms totaal ongeletterd is wel gehelp kan word om betrokke te raak by hul kinders se opvoeding. Die uitdaging is nie die ouers se armoede, werkloosheid of ongeletterdheid nie, maar hoe om ouers betrokke te kry en die ouerbetrokkenheid dan suksesvol te bestuur.

#### **5.4 AANBEVELINGS**

In die lig van die bogenoemde bevindinge en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings gedoen.

Skoolstrukture moet geskep en so bestuur word dat ouerbetrokkenheid by leerderopvoeding geïnisieer word. Skole moet ook beplan hoe hulle ouers gaan bystaan in hul ouerskapstaak. 'n Beleid ten opsigte van ouerbetrokkenheid moet opgestel word en die ouers moet daarvoor ingelig word. Die skoolbeheerraad moet hierin die leiding neem. Die skool behoort ouerbemagtigingsgeleentheid te skep en ouers te help met hulle leerderopvoedingstaak. Die skool kan suksesvol gebruik maak van gemeenskapsorganisasies en so vennootskappe met hulle bou.

Die skoolhoof en onderwysers moenie net teoretiese kennis hê van ouerbetrokkenheid nie, maar hulle moet maniere vind om hierdie kennis in die praktyk toe te pas. Die skoolhoof en onderwysers, saam met die skoolbeheerliggaam, is daarvoor verantwoordelik dat ouerbetrokkenheid in die skool gerealiseer word. Die ouergemeenskap moet so gemotiveer word dat hulle spontaan en sonder voorbehoud by skoolaktiwiteite betrokke wil raak.. Ouerbetrokkenheid by leerderopvoeding is 'n verantwoordelikheid van elke ouer, soos beskryf in die skolewet, SASA, Wet 84 van 1996. Elke ouer moet betrokke wees; dus behoort die skool 'n spesiale beleid te hê wat



werklose, arm, semi-geletterde en soms totaal ongeletterde ouers sal help om die probleme rondom ouerbetrokkenheid in kinders se opvoeding te oorkom.

Die skool kan skool-gesin-gemeenskap-vennootskappe ontwikkel en bevorder deurdat die skool verskillende organisasies nooi om ouers te kom inlig oor relevante kwessies soos dwelms, misdaadvoorkoming, buurtwagstelsels, padveiligheid en MIV/vigs. Die skool kan verder ook gebruik maak van ABET- volwasseleersentrums om ouers te help om hulle eie geletterdheidsvlakke te verbeter. Die skool kan ook aktiwiteite aan ouers voorstel met die doel om kinders met hulle skooltake te help, bv. aan hulle kinders voorlees, kinders te vra om vir hulle voor te lees, om 'n omgewing tuis te skep wat leer bevorder en die voer van gesprekke met hul kinders oor hul kinders se opvoeding.

Die Onderwysdepartement behoort oriënteringsprogramme aan te bied wat ouers sal bemagtig ten opsigte van hul verantwoordelikheid om betrokke te raak by hul kinders se opvoeding. Die Provinsiale Departement van Onderwys behoort skole te ondersteun deur die daarstelling van geskikte programme en befondsing om ouerbetrokkenheid in leerderopvoeding te optimaliseer.

## **5.5 TERREINE VIR MOONTLIKE VERDERE NAVORSING**

In die lig van die navorsing wat gedoen is, is daar sekere aspekte wat verdere navorsing regverdig. Dit sluit in:

- Maniere waarop die skool arm, werklose, half-geskoolde en soms ongeletterde ouers kan ondersteun om betrokke te raak by die leerders se opvoeding.
- Hoe die kommunikasie tussen die ouerhuis en die skool kan verbeter met die doel dat ouers die vrymoedigheid kan hê om betrokke te raak by die opvoeding van die leerders.
- Hoe ouerbetrokkenheid effektief deur ouers benut kan word en hoe die skool ouerbetrokkenheid effektief kan bestuur.
- Die skep van 'n nasionale beleid oor ouerbetrokkenheid in leerderopvoeding.

## **5.6 SAMEVATTING**

Die waarde van ouerbetrokkenheid in die vorm van vennootskappe tussen die huis, die skool en gemeenskap is van groot belang in die strewe na effektiewe onderrig en opleiding en kan in die hedendaagse onderwys nie geïgnoreer word nie. Daar is egter 'n dringende behoefte om ouerbetrokkenheid in leerderopvoeding oor die hele spektrum heen te verbeter.

Navorsing toon dat skool-gesin-gemeenskap-vennootskappe leerders se akademiese prestasies sal verbeter en sal help om gedragsprobleme die hoof te bied. Gesinstelsels het verander en daarmee saam het gemeenskappe verantwoordelik geword om deel te neem aan die totale opvoeding van die kind. Die skolewet (SASA, Wet 84 van 1996) verplig ouers om deel te vorm van hierdie vennootskappe. Daar word van skole verwag om nuwe, innoverende planne te bedink wat gesinne by die opvoeding van hul kinders sal betrek. Epstein (2001: 403) verduidelik dit so: *Wanneer ouers, opvoeders, leerders en gemeenskappe mekaar sien as vennote in die opvoeding, word daar rondom die leerders 'n omgee-gemeenskap gevorm.*

In weerwil hiervan bly ouers onbetrokke by leerderopvoeding. Dit is 'n ernstige probleem wat daartoe lei dat sommige skole nog nie effektief funksioneer nie. Een van die groot struikelblokke is ouers se armoede en werkloosheid en ouers wat half-geskool en soms totaal ongeletterd is, sodat hulle nie bemagtig voel om betrokke te raak nie. Die Onderwysdepartement sal drasties aan hierdie probleme moet aandag gee en 'n daadwerklike plan van aksie daar moet stel om 'n ommeswaai in leerderuitslae soos in die jaarlikse assesseringstoetse, sistemiese toetse en matriekeksamen tot gevolg te kan hê. Om hierdie ommeswaai te kan bewerkstellig, is dit elke ouer se verantwoordelikheid om die skool te ondersteun in die opvoeding van die kind.

## BRONVERWYSINGS

Barge, JK & Loges, WE. 2003. Parent, student, and teacher perceptions of parental involvement. *Journal of Applied Communication Research*, 31(2): 140-163.

Bojuwoye, O. 2009. Home-school partnership: a study of opinions of selected parents and teachers in Kwazulu Natal Province, South Africa. *Research Papers in Education*, 24(4): 461- 475.

Bronfenbrenner, U. 1979. *The ecology of human development: Experiences by nature and design*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Bronfenbrenner, U & Morris, PA. 1998. The ecology of developmental processes. In: Damon, W. & Lerner, RM (eds). *Handbook of child psychology. Vol.1. Theoretical models of human development*. 5th ed. New York: Wiley. 993-1028.

Chavkin, NF. 1998. Making the case for school, family and community partnerships: Recommendations for research. *The School Community Journal*, 8(1): 9-12.

Children's Defense Fund. 2004. *Key facts about American children*. Available at <http://www.childrensdefense.org>. Accessed 27 September 2012.

Comer, JP. 1988. Educating poor minority children. *Scientific American*, 259 (5): 42-48.

Cox, MJ & Harter, KSM. 2003. Parent-child relationships. In Bornstein, MH, Davidson, L, Keyes, CLM & Moore, KA. (eds.). *Well-being: Positive development across the life course*. Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum Associates Publishers. 191-204.

Dauber, SL & Epstein, JL. 1993. Parents' attitudes and practices of involvement in inner-city elementary and middle schools. In: Chavkin NF (ed.). *Families and schools in a pluralistic society*. Albany, NY: State University of New York Press. 53-72.

Department of Education and Skills. 2005. *Parent involvement: Partnership with parents*. Available at <http://www.standards.dfes.gov.uk/parents/involvement/pwp/> Accessed 27 September 2012.

Department of Education. 1997(a). *Building a brighter future: Curriculum 2005*. Pretoria: Government Printers.

Department of Education. 1997(b). *Curriculum 2005: Lifelong learning for the twenty-first century*. Pretoria: Government Printers.

Departement van Onderwys. 2006. *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring*. Pretoria: Staatsdrukkery.

Departement van Onderwys. 1997. *Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO)*. Pretoria: Staatsdrukkery.

Deslandes, R. 2001. *A vision of home-school partnership: three complementary conceptual frameworks*. International Conference. Collaboration between families, schools and communities. Rotterdam 22-23 November, 2001. Available at <http://www.ernape.net>. Accessed 27 September 2012.

Die Burger. 2009. 8 Junie: *Matriekuitslae*: 8.

Die Hoorn. 2011. 13 Januarie: *Verbetering in matriekuitslae*: 10.

Education Commission of the States. 1997. *Parent involvement in education*. Denver, CO.

Education (video recording). 26 November 2011. Johannesburg: SABC 2.

Epstein, JL. 1995. School/family/community partnerships: Caring for the children we share. *Phi Delta Kappan*, 76(9): 701-712.

Epstein, JL. 1996. Single parents and the school: Effects of marital status on parent and teacher interactions. In Hallinan, MT, Klein, DM & Glass, J. (eds.). *Changes in societal institutions*. New York: Plenum. 91-121.

Epstein, JL. 2001. *School, family and community partnerships: Preparing educators and improving schools*. Boulder, Colo: Westview Press.

Felix, N, Dornbrack, J & Scheckle, E. 2008. Parents, homework and socio-economic class: Discourses of deficit and disadvantage in the “new” South Africa. *English Teaching: Practice and Critique*, 7(2): 99-112.

Guba, EG & Lincoln, YS. 1989. *Fourth generation evaluation*. Newbury Park, Calif: Sage Publications.

Hall, R & Engelbrecht, P. 1999. The possible role of special schools in inclusive education. *South-African Journal of Education*, 19(3): 230-234.

Hammersley, M. 2006. Philosophy's contribution to social science research on education. *Journal of Philosophy of Education*, 40(2): 273-286.

Hammersley, M. 1992. *What's wrong with ethnography?* Methodological explorations. London: Routledge.

Hargie, O, Dickson, D & Tourish, D. 2004. *Communication Skills for effective management*. New York: Palgrave Macmillan.

Hauser-Cram, P, Warfield, ME, Shonkoff, JP & Krauss, MW. 2001. Children with disabilities: A longitudinal study of child development and parent well-being. *Monographs of the Society for Research in Child Development*, 66(3, Serial No. 266).

Heystek, J & Louw, EM. 1999. Parental participation in school activity: Is it sufficient? *South African Journal of Education*, 19(1): 21-27.

Hoadley, U, Christie, P & Ward, CL. 2009. Managing to learn: Instructional leadership in South African secondary schools. *School Leadership and Management*, 29(4): 373-389.

Hoover-Dempsey, KV & Sandler, HM. 1995. Parental involvement in children's education: Why does it make a difference? *Teachers College Record*, 97(2): 310-331.

Jacobs, N & Harvey, D. 2005. Do parents make a difference to children's academic achievements? Differences between parents of higher and lower achieving students. *Educational Studies*, 31(4): 431-448.

Kruger, HB. 1987. Die ouer as vennoot in die onderwys. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 27(3): 183-200.

Kvale, S. 2006. Dominance through interviews and dialogues. *Qualitative Inquiry*, 12(3): 480-500.

Kvale, S. & Nielsen, K. 1997. Current issues of apprenticeship. *Nordic Journal of Educational Research*, 17(3): 130-139.

Lareau, A. & Horvat, EM. 1999. Moments of social inclusion and exclusion: race, class and culture capital in family-school relationships. *Sociology of Education*, 72(1): 37-53.

Lareau, A. 1987. Social class differences in family-school relationships: The importance of cultural capital. *Sociology of Education*, 60(2): 73-85.

Lee, JS & Bowen, NK. 2006. Parent involvement, cultural capital, and the achievement gap among elementary school children. *American Educational Research Journal*, 43(2): 193-218.

Lee, VE & Croninger, RG. & Smit, JB. 1994. Parental choice of schools and social stratification in education: The paradox of Detroit. *Educational Evaluation and Policy Analysis*, 16(4): 434-457.

Leedy, PD & Ormrod, JE. 2005. *Practical research: Planning and design*. 8<sup>th</sup> ed. Upper Saddle River, NJ: Pearson/Merrill Prentice Hall.

Lemmer, EM. 2007. *Parental involvement in teacher education in South Africa*. 6th International conference of the European Research Network about Parents in Education (ERNAPE). Nicosia, Cyprus. August 29–31.

Lemmer, EM. 2002. Families in schools: Parent's experiences of the home-school relationships. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 38(3-4): 197-213.

Light, RJ, Singer, JD & Willet, JB. 1990. *By design: Planning research on higher education*. Cambridge, Mass: Harvard University Press.

MacFarlane, D. 2005. Emerging voices: The deep divide. *The teacher*: 10-8.

Marshall, C & Rossman, GB. 2006. *Designing qualitative research*. 4<sup>th</sup> ed. Thousand Oaks, CA: Sage Publications.

Maxwell, JA. 2005. *Qualitative research design: An interactive approach*. 2<sup>nd</sup> ed. Thousand Oaks, CA: Sage Publications.

McGrath, DJ & Kuriloff, PJ. 1999. "They're going to tear the doors off this place". Upper-middle-class parent school involvement and the educational opportunities of other people's children. *Educational Policy*, 13(5): 603-629.

Meece, JL & Daniels, DH. 2008. *Child and adolescent development for educators*. 3<sup>rd</sup> ed.. New York, NY: McGraw-Hill.

Miles, MB & Huberman, AM. 1994. *Qualitative data analysis: An expanded sourcebook*. 2<sup>nd</sup> ed. London: Sage.

Mmotlane, R, Winnaar, L & Wa Kivilu, M. 2009. Personal characteristics that predict South Africans' participation in activities of their children's schools. *South African Journal of Education*, 29(4): 527-540.

Myburg, CPH, Grobler, R.C & Niehaus, L. 1999. Predictors of scholastic achievements: IQ, self-concept, time concept and background characteristics. *South-African Journal of Education*, 19(3): 165-178.

Mwamwenda, TS. 1995. *Educational psychology: An African perspective*. 2<sup>nd</sup> ed. Durban: Butterworth Publishers.

Odendal, FF, Schoonees, PC, Swanepoel, CJ, Du Toit, SJ & Booyesen, CM. 1994. *HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Derde hersiene, uitgebreide uitgawe. Johannesburg: Perskor.

Phillips, DC & Burbeles, NC. 2000. *Positivism and educational research*. Lanham, MD: Rowman & Littlefield Publishers.

Puth, G. 1994. *The communicating manager*. Pretoria: Van Schaik.

Puth, G. 2002. *The communicating leader: The key to strategic alignment*. 2<sup>nd</sup> ed. Pretoria: Van Schaik.

Ransom, S. 2004. Configuring school and community for learning: The role of governance. *London Review of Education*, 2(1): 3-15.

Redding, S, Langdon, J, Meyer, J & Sheley, P. 2004. *The effects of comprehensive parent engagement on student learning outcomes*. Presented at the annual convention of the American Educational Research Association, San Diego, April 14, 2004. Cambridge, MA: Harvard Family Research Project. Available at <http://www.hfrp.org> Accessed 2 October 2012.

Republic of South Africa. 1983. *Child Care Act No. 74 of 1983*. Pretoria: Government Printer.

Republic of South Africa. 2007. *Education Laws Amendment Act 31 of 2007*. Pretoria: Government Printer.

Republic of South Africa. 1988. *Norms and Standards*. Government Gazette. (No.19347).

Republic of South Africa. 1992. *The Convention on the Rights of the Child*. Pretoria: Government Printers.

Republiek van Suid-Afrika. 1996. *Handves van Menseregte Wet 108 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukkery.

Republiek van Suid-Afrika. 2009. *Wysigingswet van Suid-Afrika Wet 84 van 1996 (9 Desember 2009) no. 32790*. Pretoria: Staatsdrukkery.

Republiek van Suid-Afrika. 1996. *Suid-Afrikaanse Skolewet Wet 84 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukkery.

Robson, C. 2002. *Real world research. A resource for social scientists and practitioner-researchers*. 2<sup>nd</sup> ed. Oxford: Blackwell.

Rugh, A & Bossert, H. 1998. *Involving communities: Participation in the delivery of education programs*. Washington, DC: Creative Associates International.

Rumberger, RW. 1995. Dropping out of middle class: A multilevel analysis of students and schools. *American Educational Research Journal*, 32(3): 583-625.

Sheldon, SB. 2002. Parents' social networks and beliefs as predictors of parent involvement. *The Elementary School Journal*, 102(4): 301-316.

Singh, P, Mbokodi, SM & Msila, VT. 2004. Black parental involvement in education. *South African Journal of Education*, 24(4): 301-307.

Smit, AG. & Liebenberg, L. 2003. Understanding the dynamics of parent involvement in schooling within the poverty context. *South African Journal of Education*, 23(1): 1-5.

Taylor, SJ & Bogdan, R. 1984. *Introduction to qualitative research methods: The search for meanings*. 2<sup>nd</sup> ed. New York: Wiley.

Tomlinson, S. 1993. Ethnic minorities: involved partners or problem parents? In Munn, P. (ed.). *Parents and schools: Customers, managers or partners?* London: Routledge. 131-147.

Van Deventer, I & Kruger, AG. (eds.). 2003. *An educator's guide to school management skills*. Pretoria: Van Schaik.

Van Schalkwyk, OJ. 1986. *The education system: Theory and practice*. Alkantrant: Educo. 179.

Van Wyk, JN. 2001. Preparing South-African educators for school-family-community partnerships. *Educare*, 30(1-2): 115-139.

Van Wyk, N. & Lemmer, EM. 2004. Armoedeverligting deur die ontwikkeling van sosiale kapitaal: Ouerbetrokkenheid in die onderwys. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 44(2-3): 145-157.

Vernez, G & Li, J. 2009. *Increasing Participation in no child left behind school choice*. Santa Monica, CA: Rand Education.

Wales Assembly Government. 2002. *Narrowing the gap in the performance of schools*. Cardiff, UK: National Assembly for Wales.

Western Cape Education Department (WCED). 2005. *Provincial Literacy and Numeracy Performance Results*. 2004. Cape Town: Emis Department, WCED.



## **BYLAE A**

### **VRAELYS**

1. Hoe is u betrokke by u kind? Stel u belang in en help u die kind met enige skoolwerk of aktiwiteite?
2. Wat verstaan u onder betrokkenheid by kinders se opvoeding? Is u betrokke by u kind se opvoeding? (Laat hulle uitbrei waarom hulle wel of nie betrokke is nie.)
3. Dink u dit sal enigsins tot u kind se voordeel strek as u betrokke raak by u kind se skoolopvoeding?
4. Hoe sou u graag wou hê die skool moet u help om betrokke (of meer betrokke) te raak by u kind se opvoeding?
5. Skep die skool geleenthede vir u om betrokke te raak? Maak u daarvan gebruik? Hoekom maak u daarvan gebruik? OF Hoekom maak u nie daarvan gebruik nie?

## BYLAE B

### ONDERHOUDE

#### VRAAG 1

***Hoe is u betrokke by u kind? Stel u belang in en help u die kind met enige skoolwerk of aktiwiteite?***

#### SKOOL A

##### Deelnemer 1

*Meen juffrou nou met die vat, wat hy by my is?*

*Ek koop vir hom klere en gee vir hom kos, ek kyk aan hom laat hy skool toe gaan en ek kyk laat hy leer. My seun hom help, leer-leer Leon, maar hy vat so swaar 'n bietjie, ek weet nie wat met hom aan gaan nie. Ek was by die skool al gewees, want hulle het my al laat roep by die skool om te praat oor hom. Toe sou hulle hom na die skool, daar waar die kinders so leer, sou hulle hom al verlede jaar al gestuur het, maar hulle het nog nie trug na my toe gekom nie. Hulle sou vir my n brief gestuur het, maar het nog nie 'n brief ontvang nie van hom, van hulle af nie.*

*Ja*

*Ja, my seun help hom.*

*Hy help hom by goed wat hy nie ken nie, soos hy verkeerd skryf, dan wys hy hom nou, hoe hy moet skryf en wat hy moet doen. Hys die een wat met hulle werk in die huis, met kleintjies nou dat hy hulle help. Toe het ek hom gevra, dat hy hom ook moet help want ek is mos eers verlede jaar vanaf die werk af. Toe sê ek vir hom, hy moet 'n bietjie stadiger met hom werk, want die lyk vir my baie hy vat nie, Juffrou, soos n ander kind nie.*

*Kyk ek het moes in die werk, gewerk en dan kom en dan kom ek moes nou half sewe by die huis, en dan het hulle al kla al, toe help hy hom, terwyl hy by die huis is, hy werk moes nou nie.*

*Juffrou, die goed wat die kinders het mos vandag is difference wat ons gehad het, so daar kom die ding in. Toe vra ek hom om hom te help. Want my seun is baie, hys slim.*

## **Deelnemer 2**

*Ek is daar vir hom as 'n ouer en ek help hom, as hy vir my vra vrae, vir elke geleentheid is ek daar vir hom.*

*Ja, ek is by alles betrokke, want hy neem deel aan rugby en atletiek en ek is altyd daar.*

*Ja, ek sal altyd by hom vra, het jy huiswerk en ek vra vir hom, het jy dit al gedoen, dai tipe van goed.*

*Ja, ek gaan deur sy boeke en vra vir hom, of hy al dit gedoen het, want ek sien hier is dit en dat nog nie in jou boek nie en gaan partykeers tot by die skool ook en dan vra ek of daar enige probleme is.*

*Ja, daar waar ek kan, sal ek hom help.*

## **SKOOL B**

### **Deelnemer 1**

*Nadat sy moeder dood is, is hy in my sorg geplaas deur die staat.*

*Ja*

*As hulle miskien 'n vergadering het by die skool, dan woon ek die vergadering by. As hulle miskien sport het hier in die dorp dan woon ek dit by, maar as hulle nou na ander plekke toe gaan, dan gaan sy Pa of sy aunty saam.*

*Sy leerwerk is baie goed by die skool.*

*As hy uit die skool uit kom, dan vra ek vir hulle of hulle huiswerk gekry het, dan sê hulle, vir my ja, hulle is mos twee kinders. Dan sê hulle vir my ja, dan sê ek, nou eet julle kla, julle trek julle uit en dan bring julle, julle boeke, dan help ek julle met julle skoolwerk.*

*As hy nou miskien, as hy nou miskien nie die goed verstaan in die boek nie, dan sê ek nou vir hom, wat moet hy nou daar doen, wat moet hy nou daar doen en wat moet so gedoen word en wat moet so gedoen word.*

### **Deelnemer 2**

*Ja, ek stel belang en ek help om baie smiddae as hy by die huis kom.*

*Ek wys hom die punte wat hy my vra en oor die algemeen deel van die lewe wys ek hom ook, basiese dinge soos in die huis, vriendskap, eienskappe van dit en so aan.*

*Baie by sportaktiwiteite, stel ek ook baie belang, as hy sportaktiwiteite deelneem dan is ek ook daar. Ek ondersteun hom baie by baie dinge, ondersteun ek hom.*

## **SKOOL C**

### **Deelnemer 1**

*Nee, ek is so betrokke as daar 'n vergaderingjie is, is ek teenwoordig en ek vra altyd vir haar wat het Juffrou vandag gesê vir julle, wat moet julle doen, dan sê sy nou vir my wat Juffrou gesê of sy bring 'n briefie vir my en dan moet ek die briefie lees wat hulle van haar verwag by die skool.*

*Ja, ek leer haar en ek vra vir haar sommetjies en ek maak sommetjies en ek skryf woorde, dan vra ek vir haar wat is die woord en wat is daai woord en wat is daai twee en twee hoeveel is dit, of vyf en vyf hoeveel is dit en dan sê sy vir my.*

*Ja, ek sê altyd vir haar ek wil nie hê eendag ek wil voel nie hê jy moet drui nie, dan sê ek, dan voel ek ook seer, dan kry ek ook seer sê ek, maar jy moet jou beste doen want ouma se mense, almal is geleerde mense, onthou ouma-hulle verwag ook dat jy moet mooi doen in die skool, jy moet nie nou al met maters nie sê ek vir haar en gaan speel voor jy nie jou skool werk gedoen het nie, dan gaan jy eers 'n bietjie rus dan doen jy jou skoolwerk.*

*Ja, en as ek nie weet nie dan gaan ek na my mense toe, wat baie hoog geleerd is, dan help hulle. Want kyk ons het ook mos maar ook nie op 'n hoe sal ek nou sê matriek gehad en so aan nie en die kinders van vandag leer moes ander goedte, so ons verstaan dit nie nou soos somme as ek nie weet nie, want somme van nou is mos anders om dan vra ek vir hulle, wys vir haar hoe dan ek het eintlik vir haar 'n calculator gekoop dat sy nie moet vasdraai nie*

### **Deelnemer 2**

*Ja, ek stel baie belang in my kind se opvoeding, ek help met haar tuiswerk wat sy elke dag kry by die skool, veral Wiskunde.*

*Ek en sy kom bymekaar en dan as sy nou nie verstaan nie, dan vra sy nou vir my wat, hoe het ek nou by die antwoord uitgekome en dan verduidelik ek vir haar, hoe ek daar uit gekom het by die antwoord, dis maar basies.*

*Ja, ek staan haar baie by, omdat ek net die beste vir haar wil hê.*

*Uhhmm, soos by die skole as die onderwyser nou die kinders help by die skole en hulle vra nou onse hulp om die kinders te help, dan help ek haar maar altyd met haar*

*werk.*

**SKOOL D**  
**Deelnemer 1**

*Hoe bedoel Juffrou nou?*

*Ons het 'n baie goeie verstandhouding, ons twee, sy, ek help haar met haar skoolwerk waar ek kan, as sy kom vra ek vir haar het sy skoolwerk en dan moet sy dit in die middag doen.*

*Ek stel belang in haar, want ek wil hê sy moet leer, daarom stel ek belang ek en sy gesels met mekaar oor baie dingetjies gesels ons van haar skoolbesigheid, dit doen ek met haar.*

**SKOOL E**  
**Deelnemer 1**

*uhhmm, hoe kan ek nou sê, ja, ek sien dat hy skool gaan en, hoe kan ek nou sê, hy dinge sê, hys 'n bietjie, ai, dat hy gaan gereeld skool toe en so aan en ek sien dat hy nou besig is met sy skool dinge en so.*

*As hy nou vra, ja, as hy nou vraag vra, dan sal ek nou sê so of so iets of as hy nou sê, hy moet nou iets hê vir dit, dan sal ek hom nou help.*

**Deelnemer 2**

*Ek praat met hulle oor verkeerde dinge, as ek, ek het nou gevind het van hulle het gerook en so aan, toe praat ek met hulle en sê, dit gaan hulle siek maak en hulle skoolwerk, ek moedig hulle aan om te leer en ek hou daarvan, hulle moet Sondagskool loop.*

*Ek stel belang in sy skoolwerk as hy miskien 'n taak of 'n ding het om te doen, dan help ek hom, as ek nou weet wat om te doen, as ek nou nie verstaan nie, vra ek iemand anders om hom te help.*

*Ek verstaan nie.*

*Verduidelik maar gou weer*

## VRAAG 2

***Wat verstaan u onder betrokkenheid by u kinders se opvoeding? Is u betrokke by u kind se opvoeding? Laat hulle uitbrei waarom hulle wel of nie betrokke is nie.***

### SKOOL A

#### Deelnemer 1

*Hy gaan gereeld skool, Mevrou, Juffrou, hy's nooit laat hy uit die skool uit is nie, hy's elke dag gereeld in die skool en netjies hou ek hom, soos 'n kind moet gehou word. En noudat ek by die huis is, nou sê ek vir hulle vat julle boek en leer nou, leer. Ek het nou die aand sê, julle is meer in die pad is, wat julle nou leer, julle het nou lekker spasie om te leer, te leer en speel.*

*Ek leer hom, ek hou hom uit die straat uit en ek praat met hom oor die verkeerde goed. Ek neem hom kerk toe, laat hy kan voel, hy kom uit 'n huis uit. Want hy gaan elke Sondag saam met my kerk toe en dan kom ons terug, dan los ek hulle nou, dan roep ek hulle die aand en sê kom ons gaan nou weer n gebed doen, laat ons kan gaan rus.*

#### Deelnemer 2

*Is dit nou by sy skool werk?*

*Ek verstaan nou daai vraag nie lekker nie.*

*Ek moet mos daar wees as 'n ouer, om betrokke te wees by sy skoolloopbaan en tipe van goed en ek is altyd daar vir hom.*

*Soos ek nou voorheen gesê het, ek sal altyd mos nou vir hom vra hoe was dit by die skool en wat het julle vandag weer gedoen, het hulle take gekry, sulke tipe van dinge, want ek hy het 'n baie goeie verstandhouding. Want hy sal altyd vir my sê my Ma, my Ma dit en my Ma dit.*

*Ja, die manier hoe ek by die huis, die opvoeding wat ek hom gee. Hy sal altyd kom se as hy probleme het, en dan gesels ek en hy met mekaar. Hy's nooit een kant met my nie, hy sal altyd my Ma ek het dit gedoen of dat gedoen.*

### SKOOL B

#### Deelnemer 1

*Dit is jy moet jou kind goed opvoed, sodat hy kan verstaan wat aangaan.*

*En as daar nou iets by die skool aan is, dan moet ek teenwoordig wees daar.*

*En as hulle iets aan het by die Sondagskool en dan ondersteun ons die Sondagskool ook.*

## **Deelnemer 2**

*Daar is so baie dinge en ek myself probeer ook maar, want soos die wêreld nou is, is daar baie dinge in die wêreld, wat as ouer nou dan, baie ouers sien nie om dat die kind nie 'n goeie opvoeding kry nie en so help dit hom ook hier by die huis as op sy skool, want daar is party ouers wat nie belangstel daaraan nie.*

*Ek skryf nou soos byvoorbeeld op 'n los boekie of 'n ander boekie die dinge waarmee hy nou sukkel en dan is dit nou oor die algemeen hier by die huis, as hy nou sukkel by die huis met die vriende, dan moedig ek hom aan om weer vir hom ander vriende te kies want hulle is nie reg nie. Daar is so baie dinge maar hier in onse gebied is dit so eenvoudig en jy wat 'n ouer is verstaan, jy't baie dinge om om te sien. Want die ouers van vandag is nie soos ouers nie.*

*Party dae vind ek dit hard wat moet ek doen, want party dae, hy't nog nie so kwaai gevra, want op straat kry hy dit, want die kinders skel hom van, jou Ma is 'n dit en dan kom hy trug en dan moet ek hom verduidelik en dan gaan ek ook trug na die kinders toe wat die gedoen het met hom en dan verduidelik ek hoe is hulle onder mekaar, so dis hoekom ek sê, ek met myself weet nie hoe ander mense leef nie, sien, dis hoekom dis ook vir my baie daie, ook tuff om vir hom te ondersteun met dit, want ek weet nie hoe, want sekere kere vra hy vir my, dan het ek nie vir hom 'n antwoord nie, maar mettertyd gee ek vir hom die antwoord, why dit wat hy vir my gevra het accordingly die moederskap.*

*Ja, soos want ek myself is ook nie uit op 'n hoë standard, maar die dinge wat ek weet, ek gee hom die punt, want oor die algemeen soos dit nou ook is, ons kom nêrens sonder opvoeding nie.*

## **SKOOL C**

### **Deelnemer 1**

*Ek sê altyd vir haar 'n mens moet gehoorsamig wees as ek vir jou iets sê, moet nie kwaad word nie, want eendag gaan jy dit nodig kry so ek wil altyd die beste vir jou hê en ek is lief vir jou.*

*Ja, ek is, ek meen ek is eintlik hoe kan ek sê ek kan al die pad sê ek is beter met haar opvoeding as wat haar Ma was, want ek skel nie in haar nie en ek sê haar nie 'n lelike woord nie want dis nie soos 'n kind, 'n kind wil mos nie hê jy moet tussen vriende praat, ek praat altyd met haar alleenig nie tussen vriende nie*

## **Deelnemer 2**

*Ek gaan altyd tot by die skool en dan gaan vra ek vir haar Meneer as hulle tuiswerk gekry het en dan vra ek hom om my te verduidelik as ek nou nie verstaan nie, dan vra ek hom om my te verduidelik wat nou die kind sê, sorry vir dit nou.*

## **SKOOL D**

### **Deelnemer 1**

*Ek moet my pligte by haar na neem doen in haar skoolwerk moet ek my pligte vir haar saam met haar saam doen.*

*As 'n ouer moet 'n mens mos 'n plig hê om jou kind opvoeding te gee*

*Ek moet haar reg opvoed, reg opvoed moet ek haar doen, dis my plig wat ek moet na kom aan haar.*

*Sy moet haar werk, haar huiswerk moet sy doen, sy moet leer sy moet ten alle tye leer want sy kan nie nie leer nie en sy moet iets bereik in haar lewe.*

*Ek sit bedags saam met haar en dan sê ek kom laat ek sien waar ek jou kan help waar ek nie verstaan nie, moet haar broer haar help. Daar is moes die leerdery van vandag is mos baie vreeslik ons is mos daai jare se mense so ons kan nie lekker onthou wat aan gaan nou nie, dan sê ek kom ek kan jou hier help en ek kan jou daar help en waar ek vasdraai moet haar broer haar help.*

## **SKOOL E**

### **Deelnemer 1**

*Nee, ek sal vir hom sê moet nie verkeerde paaie loop nie, kom vroeg huistoe en so aan.*

*Juffrou, hoe kan ek nou sê? Ag, dit is maar so, jy sien maar en as hy vir jou iets praat maar en verduidelik maar en sê, dit moet so en so wees en so aan.*

## **Deelnemer 2**

*Verduidelik maar gou weer*

*Ek leer hom in, ek weet nie wat om te sê nie.*

*Hoe kan ek dan nie nou dink nie*

*Kan ons nie maar weer terug kom na daai vraag toe?*



*Oor ek wil hê hy moet eendag as hy klaar geleerd is, moet hy vir my kan werk, want ek is, hy's vanaf geboorte af is ek alleen wat gesukkel het met hulle wat hulle so groot het, elke sent wat ek het gee ek vir hulle, daarom wil ek hê, daarom praat ek met hulle oor die goed wat hulle doen en hulle skoolwerk en al daai goeters. Ek wil nie hê, hulle moet eendag soos as hulle geleerd is by die huis sit ek wil hê, hulle moet verder gaan en iets word in die lewe.*

### **VRAAG 3**

***Dink u dit sal enigsins tot u kind se voordeel strek as u betrokke raak by u kind se skoolopvoeding?***

#### **SKOOL A**

##### **Deelnemer 1**

*Ja*

*Ek sê so omdat ek met hom n langpad kom Juffrou. Want hy luister meer aan my as wat hy aan sy Pa sal luister, as sy Pa nou kom en sê doen dit en dit, hy worry nie met hulle nie of ek sê nou vir hom, hoekom gaan jy nie na jou Ma toe nie. Of wil jy nie graag by jou Ma ook 'n bietjie gaan kuier nie? Hy weier om daar te gaan kuier.*

*Ek dink as hy luister aan my Juffrou, dan sal hy, soos hy nou luister vir my, sal hy iets kry daaruit. Hy het klaar geleer daaruit, want hy weier om na sy ouers, sy Ma toe te gaan. Hy sê, hy bly by my ousus.*

*Ek kan vir Juffrou sê, as ek met hom praat oor sy Ma, dan sê hy, hy wil niks met hom Ma te doen wees nie. Ek is hom Ma.*

##### **Deelnemer 2**

*Ja*

*Want omdat ek as Moeder, maar mos nou daar is vir hom, ek dink dit tel eerste.”  
Dat ek altyd daar vir hom gaan wees, teen alle tye.*

*Daardeur, was ek al by die skool en het altyd met die onderwyser gaan praat, en gesê enige probleme of goedte, moet hulle altyd my kontak of 'n briefie, in sy boeke sit, dat hy miskien nie daarvan weet nie. Dan sal ek so deur sy boeke gaan en om te kyk, as daar nie iets is nie.*

## **SKOOL B**

### **Deelnemer 1**

*Dit sal vir hom voordeel strek, want hy gaan mos nou voel, maar nee my ouer ondersteun my.*

*As hy net luister wat ek sê, sy skoolhoof sê of sy onderwyser/onderwyseres, dan sal hy sien hoe die pad vir hom vorentoe gaan wees.*

*Ja, Mnr. Freeks-hulle het altyd vergadering en as hulle vergadering het en dan praat hulle met ons oor die goed.*

*Hulle is nie mense by die skool, van die kinders in my sorg geplaas is, was hier nog nie een van die skoolhowe nie, nog nie eens 'n maatskaplike werkster nie. Hulle stuur maar altyd net 'n brief elke tweede jaar, die maatskaplike werkster, dan moet ek die briewe gaan indien sodat die kinders se toelae verleng kan word, elke tweede jaar.*

### **Deelnemer 2**

*Dit is nou, daai is nou sy eie. Ek sal dit so sien ja, dit is n voordeel vir hom, hy kan iets beters doen en dis waarvoor ek daar is om hom te help met die dinge, waarmee hy sukkel*

*Ek is mos nou 'n in 'n hoë standaard uit nie, nou ek wil nie hê, hy moet dieselfde fout maak wat ek gemaak het nie, verstaan dis hoekom ek moedig hom altyd aan, moet nie kyk aan jou vriende wat jy het rondom jou nie, verstaan luister na jou Ma en jou Pa, jy het nou vandag nie jou Ma nie, maar jou Pa is daarvoor is jou ouma daar verstaan, dis hoekom ek sê, ek my ter self moedig hom aan as 'n ouer, maar buite kant en met daai troubles wat hy mee kom na my toe en ek verduidelik hom ook waarom dit gaan, want soos die lewe vandag is, verstaan en dis hoekom die onderwys daar is, sien.*

## **SKOOL C**

### **Deelnemer 1**

*Ek vertrou die Here om haar verstand aan te raak en haar verstand oop te maak.*

*Ek sal like dat hulle haar moet agterhou of 'n briefie skryf, sê ek hou die kind vandag agter, sy's nie daarin goed nie of sy's nie daarin goed nie, ek sal dit waardeer as hulle so wil help, daar so die skool.*

### **Deelnemer 2**

*Ja, dit sal.*

*Dit sal baie help as ek betrokke is by haar dat sy ook daar kan uit kom want ek het nie daar uitgekom nie waar sy nou moet uitkom om verder te gaan studier nie, ek het nie daai voordeel gehad nie.*

#### **SKOOL D**

##### **Deelnemer 1**

*Dit mag maklik so wees, want ek help haar mos nou, waar ek kan sê ek mos nou vir Juffrou, daar help ek haar nou waar sy nie weet nie en sy vra nou vir my, Mamma verstaan Mammie hier waar ek nie weet nie, dan sal ek sê ja, en waar ek nie verstaan nie sê ek vir haar broer help haar hier waar sy nie verstaan nie.*

*Dit mag seker so wees, as sy nou reg luister wat ek sê dan moet sy mos ook haar plig na gaan om te dink ek moet, moet ek my werk doen of wat moet ek nie doen nie.*

#### **SKOOL E**

##### **Deelnemer 1**

*Ja, dit sal iets van waarde wees, want 'n mens wil maar net die beste vir jou kinders gee.*

*Ek dink laat hy meer betrokke kan raak by sy skoolwerk en oplet en so aan Juffrou, laat hy*

##### **Deelnemer 2**

*Ja.*

*Want 'n ouer moet praat met sy kind, daar is baie ouers wat nie belangstel nie, hulle gaan maar net aan.*

#### **VRAAG 4**

***Hoe sou u graag wou hê die skool moet u help om betrokke (of meer betrokke) te raak by u kind se opvoeding?***

#### **SKOOL A**

##### **Deelnemer 1**

*Ja*

*Ek sal baie bly wees, as die skool my ook kan help*

*My help, laat hy kan gaan leer, vir hulle lesse gee, sien Juffrou. Of namiddae klasse, laat hy kan aangaan. 'n Mens kan sien, hy wil graag aangaan, maar hy's noe, ek weet nie hoe om vir Juffrou te sê nie. Kyk, hulle sê mos, 'n vrou wat drink, baie gedrink het en sy's swanger, daai kind is nie reg nie. So 'n kind is hy. Hy's vir my party dae, dan is hy daar ver in sy gedagte, dan sê ek, ek weet nie, dan praat die ander in die huis, maar hoe is die tjind, hy sit partykeer 'n mens net op een plek sit en aankyk. Toe sê, ek julle weet nie wat in daai ou gedagtetjie aangaan nie, ons kan hom nie lees nie.*

*Ja, Juffrou want hy, kry van geen van hom Pa se kant af, daar is nie liefde nie. Daar is ook nie liefde vanaf die Ma se kant af nie. Sy kom nie, sy kom nie soos 'n Ma en sê, waar is my kind nie, hoe gaan dit met jou nie, hier is iets vir jou nie. Soos 'n Moeder 'n kind dinge se nie.*

*Ek dink dis daai drank, Juffrou, wat dit gemaak het.*

## **Deelnemer 2**

*Deur maar my te kontak en my op hoogte van sake te hou, altyd.*

## **SKOOL B**

### **Deelnemer 1**

*Nee, die ding is die ek neem nie eintlik deel aan die goedtes wat hulle doen by die skool nie, omdat ek 'n asmalyer is. Ek is nie een wat met my arms baie kan woel nie.*

### **Deelnemer 2**

*Soos ek sê, dit is so en wanneer hulle vir ons ook maar moet aanmoedig is, om die dinge wat hulle met die kinders meedeel moet hulle met ons ook deel, verstaan, want dit baat nie hy kry net by die skool die opvoeding en by die huis kry hy nou weer 'n ander opvoeding, want dis twee verskillende opvoedinge wat hy nou moet een maak,sien.*

*Hulle het al briewe uitgestuur, maar ek weet nie hoe verder dit gekom nie, want die meeste van die tyd was ek nie op die oomblik in Oudtshoorn nie want my werk wat dit maak sien*

## **SKOOL C**

### **Deelnemer 1**

*Soos boeke miskien.*

*Tot waar ek nou sien, ek kan nie by bly nie, ek verstaan nie nou meer so mooi nie, dan vra ek, want ek vra altyd, kyk hier, hierso so wil julle nie vir haar kyk so en so nie, want ek verstaan nie mooi daar nie, dan help hulle.*

## **Deelnemer 2**

*Funksie wat hulle miskien nou hou, ek is altyd daar of ouervergaderings ek is daar teenwoordig.*

*Ondersteun*

*Nee, tensy hulle my nie gaan vra nie*

*Dan sal ek.*

*Nee, nog nie, ek is nou by die voedingskema besig, as hulle tekort is aan een dan gaan ek altyd in, dan phone hulle vir my om in te kom dan gaan ek uithelp by die voedingskema.*

## **SKOOL D**

### **Deelnemer 1**

*Die skool kan enige bydrae lewer want hulle moet my ook mos nou help met haar, hulle moet my ook help met haar waar sy vasdraai het ek al baie gesê, waar jy vasdraai by die skool gaan trug na die meester toe die hoof of die onderwyser jou klasonderwyser en vra raad, ek verstaan nie dit nie of ek verstaan nie dit nie.*

## **SKOOL E**

### **Deelnemer 1**

*Juffrou, ek kan nie nou dink nie.*

*Ja.*

*Ja, hulle laat die ouers in kom om te kyk hoe die kinders vorder.*

*Nee*

## Deelnemer 2

*Ek sal graag wil hê hulle moet 'n middagklas hou, want daar tye dat hulle, hy glad nie wil leer nie. Hulle is meer op die games, en ek moet hom saans laat by die games gaan haal of so, daarom wil ek hê hy moet 'n middagklas bywoon.*

## VRAAG 5

***Skep die skool geleentheid vir u om betrokke te raak? Maak u daarvan gebruik? Hoekom maak u daarvan gebruik/Hoekom maak u nie daarvan gebruik nie?***

## SKOOL A

### Deelnemer 1

*Ja*

*Ja, Juffrou.*

*Hulle het ons geroep, vergadering gehou, om te kom kyk, aan hulle skoolwerk. Toe sê hulle nou Bromptie, hy is baie swak in sy werk. Hy is dit, lyk hy konsentreer nie oor sy werk nie. Toe sê ek daar, en ek praat daar met n ander onderwyser, wat my toe verwys het en gesê het hulle gaan af na die skool toe stuur, daar waar die kinders so leer werk en doen. Toe sê ek, ek sal bly wees, as hy daar kan uitkom, want as jy iets met jou hande kan doen. Want hy's lief, as hy sien, hulle werk hier met iets, of hulle is besig, dan help hy. So klas kind is hy weer*

*Nee, hulle het my nog nie genooi, gevra nie, te dingese nie*

*Nee*

*Dan sal ek gaan, ek is mos nou by die huis.*

### Deelnemer 2

*Dis mos maar nou net, ouervergaderings, wat ons altyd geleentheid kry om met mekaar te praat.*

*Dan word daar mos nie gepraat nie?*

*Hulle stuur briewe, en dis mos nou altyd die ouers wat nie werk nie, wat nou belangstel om uit te help.*

*Dan werk ek altyd*

*Uhhhm*

**SKOOL B**  
**Deelnemer 1**

*Omdat vanaf my oudste seun af, was by daai skool betrokke tot nou by die twee.*

*Langpad met hom aan.*

*Plesier Juffrou.*

**Deelnemer 2**

*Hulle het al vir my gestuur soos ek sê, was ek nie daai spesifieke dag hier nie, want my werk wat die gemaak het. Ek is mos n bouer en soos die tyd nou vorentoe gaan, ek stel belang en as daar so iets kom dan moedig ek aan en gaan ek en luister aan wat hulle te sê het.*

*Ja, ek hê nog nie uit my eie gegaan nie, maar as hulle briefies skryf en so aan wat ons ouers moet kom dan gaan ek*

**SKOOL C**  
**Deelnemer 1**

*Nee, nog nie maar ek meen ek is eintlik nou onder Dokter, sien, ek het 'n mammogram gehad en ek kan nou nie so werk soos ek gewerk het nie, sien.*

*Ja, sy't 'n baie kerklike ouma, daar agter, haar Pa se Ma hulle, baie kerklik en so, ek het haar hier by die Sondagskool en als daai.*

**Deelnemer 2**

*Ek wil ook eintlik hê my kind moet beter voel as sy my nou sien by die skool en sien ek stel belang aan dit.*

*Dit sal baie vir haar beteken, dit beteken baie vir haar*

*Ja.*

**SKOOL D**  
**Deelnemer 1**

*Hulle hou vergaderings en hulle stuur briefies om vergaderings by te woon maar soos ek nou sê, ek myself gaan nie vergaderings toe nie, dan stuur ek hom, om vir my te loop om te gaan luister wat daar gepraat raak en dan moet hy dit vir my kom oor dra.*

*Ja, ek maak gebruik daarvan.*

*Omdat dit my ouerlike plig is, ek moet gaan luister wat daar gesê word en wat daar gedoen moet word namens die kind, moet ons ons pligte nakom om na die vergaderings toe te gaan.*

*Ja, of ek sê vir haar gaan na die biblioteek toe en gaan kyk daar, gaan doen naslaanwerk by die biblioteek dat jy jou take kan doen en waar ek kan daar help ek haar.*

*Ek is bly Juffrou het gekom.*

*Ok Juffrou, ek is bly dat julle mens ons ook kom ondersteun in die.*

**SKOOL E**  
**Deelnemer 1**

*Ja, die kaartjies en dan moet die ouers nou iets gee ook by.*

*'n Donasie*

*Dis nou 'n hoenderbraai of so.*

*Nee, ek het nog nie self ingegaan nie om te gaan help nie.*

*Dan is ek nou in die werk so aan.*

**Deelnemer 2**

*Hulle doen nie dit nie.*

*Nee, glad nie*

*Hulle doen glad nie dit nie, ek sal graag wil hê hulle moet dit doen.*



*Ja, hulle skeep 'n geleentheid, maar ek kan nou nie daar betrokke wees nie, want ek het mos nou 'n my eie besigheid, waar ek elke dag moet besig wees.*

*Byvoorbeeld die voedingskema, hulle vra altyd ouers wat kan kom help met die kos en dan kan ek nie daar wees nie.*

## BYLAE C



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY  
jou kennisvennoot • your knowledge partner

### Approval Notice New Application

31-May-2012  
JONAS, Maria

**Protocol #: DESC16/2012**

**Title: Wat is die aard en rol van ouerbetrokkenheid in voorheen benadeelde primêre plattelandse staatskole? Is hulle betrokke en hoe betrokke is hulle?**

Dear Mrs Maria JONAS,

The **New Application** received on **23-Mar-2012**, was reviewed by Research Ethics Committee: Human Research (Humanities) via Committee Review procedures on **02-Apr-2012** and has been approved.

Please note the following information about your approved research protocol:

Protocol Approval Period: **26-Apr-2012 -25-Apr-2013**

**Present Committee Members:**

Fouche, Magdalena MG  
Van Wyk, Berte B  
Mostert, Paul PJ  
Hansen, Leonard LD  
De Villiers, Mare MRH  
Hattingh, Johannes JP  
Theron, Carl CC  
Somhlaba, Ncebazakhe NZ  
Bitzer, Elias EM  
Engelbrecht, Sidney SF  
Van Zyl, Gerhard G

**Standard provisions**

1. The researcher will remain within the procedures and protocols indicated in the proposal, particularly in terms of any undertakings made in terms of the confidentiality of the information gathered.
2. The research will again be submitted for ethical clearance if there is any substantial departure from the existing proposal.
3. The researcher will remain within the parameters of any applicable national legislation, institutional guidelines and scientific standards relevant to the specific field of research.
4. The researcher will consider and implement the foregoing suggestions to lower the ethical risk associated with the research.

You may commence with your research with strict adherence to the abovementioned provisions and stipulations.

Please remember to use your **protocol number (DESC16/2012)** on any documents or correspondence with the REC concerning your research protocol.

Please note that the REC has the prerogative and authority to ask further questions, seek additional information, require further modifications, or monitor the conduct of your research and the consent process.

**After Ethical Review:**

Please note that a progress report should be submitted to the Committee before the approval period has expired if a continuation is required. The Committee will then consider the continuation of the project for a further year (if necessary). Annually a number of projects may be selected randomly for an external audit.

National Health Research Ethics Committee (NHREC) number REC-050411-032.

This committee abides by the ethical norms and principles for research, established by the Declaration of Helsinki, the South African Medical Research Council Guidelines as well as the Guidelines for Ethical Research: Principles Structures and Processes 2004 (Department of Health).

**Provincial and City of Cape Town Approval**

Please note that for research at a primary or secondary healthcare facility permission must be obtained from the relevant authorities (Western Cape Department of Health and/or City Health) to conduct the research as stated in the protocol. Contact persons are Ms Claudette Abrahams at Western Cape Department of Health (healthres@pgwc.gov.za Tel: +27 21 483 9907) and Dr Helene Visser at City Health (Helene.Visser@capetown.gov.za Tel: +27 21 400 3981). Research that will

be conducted at any tertiary academic institution requires approval from the relevant parties. For approvals from the Western Cape Education Department, contact Dr AT Wyngaard ([awyngaar@pgwc.gov.za](mailto:awyngaar@pgwc.gov.za), Tel: 0214769272, Fax: 0865902282, <http://wced.wcape.gov.za>).

Institutional permission from academic institutions for students, staff & alumni. This institutional permission should be obtained before submitting an application for ethics clearance to the REC.

Please note that informed consent from participants can only be obtained after ethics approval has been granted. It is your responsibility as researcher to keep signed informed consent forms for inspection for the duration of the research.

We wish you the best as you conduct your research.

If you have any questions or need further help, please contact the REC office at 0218089183.

**Included Documents:**

DESC FORM

Sincerely,

Sidney Engelbrecht  
REC Coordinator  
Research Ethics Committee: Human Research (Humanities)

# Investigator Responsibilities

## Protection of Human Research Participants

Some of the responsibilities investigators have when conducting research involving human participants are listed below:

1. Conducting the Research. You are responsible for making sure that the research is conducted according to the REC approved research protocol. You are also responsible for the actions of all your co-investigators and research staff involved with this research. You must also ensure that the research is conducted within the standards of your field of research.
2. Participant Enrollment. You may not recruit or enroll participants prior to the REC approval date or after the expiration date of REC approval. All recruitment materials for any form of media must be approved by the REC prior to their use. If you need to recruit more participants than was noted in your REC approval letter, you must submit an amendment requesting an increase in the number of participants.
3. Informed Consent. You are responsible for obtaining and documenting effective informed consent using **only** the REC-approved consent documents, and for ensuring that no human participants are involved in research prior to obtaining their informed consent. Please give all participants copies of the signed informed consent documents. Keep the originals in your secured research files for at least five (5) years.
4. Continuing Review. The REC must review and approve all REC-approved research protocols at intervals appropriate to the degree of risk but not less than once per year. There is **no grace period**. Prior to the date on which the REC approval of the research expires, **it is your responsibility to submit the continuing review report in a timely fashion to ensure a lapse in REC approval does not occur**. If REC approval of your research lapses, you must stop new participant enrollment, and contact the REC office immediately.
5. Amendments and Changes. If you wish to amend or change any aspect of your research (such as research design, interventions or procedures, number of participants, participant population, informed consent document, instruments, surveys or recruiting material), you must submit the amendment to the REC for review using the current Amendment Form. You **may not initiate** any amendments or changes to your research without first obtaining written REC review and approval. **The only exception** is when it is necessary to eliminate apparent immediate hazards to participants and the REC should be immediately informed of this necessity.
6. Adverse or Unanticipated Events. Any serious adverse events, participant complaints, and all unanticipated problems that involve risks to participants or others, as well as any research related injuries, occurring at this institution or at other performance sites must be reported to Malene Fouch within **five (5) days** of discovery of the incident. You must also report any instances of serious or continuing problems, or non-compliance with the REC's requirements for protecting human research participants. The only exception to this policy is that the death of a research participant must be reported in accordance with the Stellenbosch University Research Ethics Committee Standard Operating Procedures. All reportable events should be submitted to the REC using the Serious Adverse Event Report Form.
7. Research Record Keeping. You must keep the following research related records, at a minimum, in a secure location for a minimum of five years: the REC approved research protocol and all amendments; all informed consent documents; recruiting materials; continuing review reports; adverse or unanticipated events; and all correspondence from the REC
8. Reports to Sponsor. When you submit the required reports to your sponsor, you **must** provide a copy of that report to the REC. You may submit the report at the time of continuing REC review.
9. Provision of Counselling or emergency support. When a dedicated counsellor or psychologist provides support to a participant without prior REC review and approval, to the extent permitted by law, such activities will not be recognised as research nor the data used in support of research. Such cases should be indicated in the progress report or final report.
10. Final reports. When you have completed (no further participant enrollment, interactions, interventions or data analysis) or stopped work on your research, you must submit a Final Report to the REC.
11. On-Site Evaluations, Inspections, or Audits. If you are notified that your research will be reviewed or audited by the sponsor or any other external agency or any internal group, you must inform the REC immediately of the impending audit/evaluation.

## BYLAE D



**Wes-Kaapse  
Regering**

Onderwys

### **DIREKTORAAT: NAVORSING**

[Audrey.wyngaard2@gawc.gov.za](mailto:Audrey.wyngaard2@gawc.gov.za)

tel.: +27 21 467 9272 faks 0865902282

Privaatsak x9114, Kaapstad 8000

[wced.wcape.gov.za](http://wced.wcape.gov.za)

**VERWYSING:** 20120206-0004

**NAVRAE:** Dr A.T Wyngaard

Me Maria Jonas  
Arnold de Jagerrylaan 102  
Toekomsrus  
Oudtshoorn  
6625

**Beste Me Maria Jonas**

#### **NAVORSINGSVOORSTEL: WAT IS DIE ROL EN AARD VAN OUERBETROKKEHEID IN LEERDERS OPVOEDING IN VOORHEEN BENADEELDE PLATTELANDSE PRIMÉRE STAATSKOLE: IS HULLE BETROKKE EN HOE BETROKKE IS HULLE**

U aansoek om bogenoemde navorsing in skole in die Wes-Kaap te onderneem, is toegestaan onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Prinsipale, opvoeders en leerders is onder geen verpligting om u in u ondersoek by te staan nie.
2. Prinsipale, opvoeders, leerders en skole mag nie op enige manier herkenbaar wees uit die uitslag van die ondersoek nie.
3. U moet al die reëlings met betrekking tot u ondersoek self tref.
4. Opvoeders se programme mag nie onderbreek word nie.
5. Die ondersoek moet onderneem word vanaf **1 Maart 2012 tot 30 September 2012**.
6. Geen navorsing mag gedurende die vierde kwartaal onderneem word nie omdat skole leerders op die eksamen (Oktober tot Desember) voorberei.
7. Indien u die tydperk van u ondersoek wil verleng, moet u asb met **Dr A.T. Wyngaard** in verbinding tree by die nommer soos hierbo aangedui, en die verwysingsnommer aanhaal.
8. 'n Fotostaat van hierdie brief sal oorhandig word aan die prinsipaal van die inrigting waar die beoogde navorsing sal plaasvind.
9. U navorsing sal beperk wees tot die lys van skole soos wat by die Wes-Kaap Onderwysdepartement ingedien is.
10. 'n Kort opsomming van die inhoud, bevindinge en aanbevelings van u navorsing moet voorsien word aan die Direkteur: Onderwysnavorsing.
11. 'n Afskrif van die voltooide navorsingsdokument moet ingedien word by:

**Die Direkteur: Navorsingsdienste  
Wes-Kaap Onderwysdepartement  
Privaatsak X9114  
KAAPSTAD  
8000**

Ons wens u sukses toe met u navorsing.  
Die uwe

Geteken: Dr Audrey T Wyngaard  
vir: **HOOF: ONDERWYS**  
**DATUM: 06 Februarie 2012**

---

MELD ASSEBLIEF VERWYSINGSNOMMERS IN ALLE KORRESPONDENSIE / PLEASE QUOTE REFERENCE NUMBERS IN ALL CORRESPONDENCE /  
NCEDA UBHALE IINOMBOLO ZESALATHISO KUYO YONKE IMBALELWANO

GRAND CENTRAL TOWERS, LAER-PARLEMENTSTRAAT, PRIVAATSAK X9114, KAAPSTAD 8000  
GRAND CENTRAL TOWERS, LOWER PARLIAMENT STREET, PRIVATE BAG X9114, CAPE TOWN 8000

WEB: <http://wced.wcape.gov.za>

**INBELSENTRUM /CALL CENTRE**